Jaargang 6 Uitgawe 6

INK

Gratis

Saterdag 14 Maart 2020

CARLA SMITH
Foto: NARDUS ENGELBRECHT

FEESAANBOD

Word 'n Netwerk24-intekenaar en betaal
Slegs R5 vir jou ***eerste twee maande.***

(Die standaardtarief van R99 p.m. geld daarna)

SKANDEER MY

Neem die aanbod so op:

- *Skandeer hierdie kode links met jou foonkamera en volg die skakel.*
- *Loer in by die Netwerk24-Feeskafee by Die Plataan en neem die aanbod daar op.*
- *SMS Woordfees na 31069*

Aanbod geldig tot 15 Maart

Teken in en staan 'n kans om elke week in Maart R10 000 te wen!

(Bestaande intekenare kom ook in aanmerking)

NETWERK24
Alles op een plek

Toneel

Onthou tog altyd die dinge van ’n kind

Die dinge van ’n kind. Toneel. Hoërskool Stellenbosch. Vandag om 10:00 en 12:30 en môre om 18:30.

Dis die Simon & Garfunkel-liedjie “Bookends” uit die jare sewentig wat bly draal lank nadat jy die teater verlaat het ná die verhoogverwerking van Marita van der Vyver se roman *Die dinge van ’n kind*:

A time it was,
and what a time it was
It was a time of innocence
A time of confidences
Long ago, it must be
I have a photograph
Preserve your memories
They’re all that’s left you.

Die deuntjie is weemoedig en vol nostalgie, hoewel die inhoud van die toneelstuk net soms in daardie rigting neig – en dan gewoonlik met goeie rede en gerugsteun deur die boek.

Die dinge van ’n kind het in 1994 verskyn en die eerste verwerking daarvan vir die verhoog is in 1998 gedoen deur wyle Harry Kalmer en met drie akteurs by die destydse Grahamstadse Kunstefees opgevoer. Francois Toerien het die roman vir die huidige produksie verwerk en besluit om dit as ’n solostuk aan te bied. Laasgenoemde dra myns insiens by tot die sukses van dié verwerking, aangesien dit die fokus van die stuk bepaal.

Mart, die hoofkarakter, speel haarself soos sy in die jare sewentig was, maar ook haar ouer self. Haar beste vriendin, die rebelse Dalena, hou daarvan om die middelpunt van die geselskap te wees, maar omdat Mart haar verhaal vertel, is daar deurgaans presies die nodige balans tussen intimiteit en afstandelikheid. Waarskynlik die hoofrede waarom heelwat lede van die gehoor die ouditorium met rooi oë verlaat het, is die besluit van die regisseur, Nicole Holm, om die tegniese aspekte soos rekwisiete, beligting en stelontwerp so eenvoudig as moontlik te hou en toe te laat dat die storie sentraal staan, hier en daar aangevul deur atmosferiese musiek saamgestel deur Schalk Joubert.

Cintaine Schutte is tans ons saveur du mois en sy kan nie ’n voet verkeerd sit nie. ’n Mens hoor dikwels in gesprekke by kunstefeeste soos hierdie een dat daar in elke geslag ’n uitblinkeraktrise is wie se sterkwaliteit nie geëwenaar kan word nie. Dan word die name genoem van Sandra Prinsloo, Anna-Mart van der Merwe, Tinarie Van Wyk Loots... en Cintaine Schutte.

Sy is ook ’n uitmuntende stemkunstenaar en dis met haar goed opgeleide instrument dat sy die gehoor in die palm van haar hand hou vir ongeveer 90 minute terwyl sy die storie vertel van Mart en die mense in haar lewe. Ondanks hulle minimalistiewe benadering wat die verhooginkleding betref, kry Cintaine en Nicole dit ook reg om die zeitgeist van die jare sewentig deur die taal en toon vas te vang.

Die oorgrote meerderheid van die gehoor was vroue vir wie daardie jare hulle jeugjare verteenwoordig. Aangesien so ’n groot deel van die storie gaan oor hulle ervaring van die mans in hulle lewe se weermagdae, kan ’n mens maar net hoop dat die mans ook uiteindelik hulle vroue na ’n opvoering van *Die dinge van ’n kind* sal vergesel. Dit is nodig om die dinge van ’n kind te onthou en verwerk ten einde ’n gesonde grootmens te wees. “A time it was and what a time it was...”

– Marina Griebenow

Nina Smit as lady Capulet in Lycra en petticoats. Foto’s: NARDUS ENGELBRECHT

Smith se heerlik energieke ‘ramp’

Lycra en petticoats. Toneel. Hoërskool Cloetesville. 6 Maart.

Dit is die resep vir ’n ramp: ’n Eiesinnige Juliet (Melissa Myburgh), met ’n agtergrond in protesteater, wat haar woordlose spel in *Romeo & Juliet* aan die dowes opdra; ’n ál langer in die tand lady Capulet (Nina Smit) wat glo sý moet eerder Juliet speel; ’n Romeo (Conradie van Heerden) wat dit dwars het met Tybalt (Emile Neumann) omdat dié bra talentlose akteur roem op die kassie gevind het; ’n ingetoë Oppasser (Annali Boshoff) op wie ’n ewe ingetoë Benvolio (Jean du Plessis) ’n ogie het; en ’n Mercutio (Wian Taljaard) wat in sy hart eintlik ’n danser is. Daarby is die verdwaalde pianis (Caleb Felix) net tot die openingsmate van die Maanligsonate in staat, en die stel is sommer oorgeneem by Wessel Pretorius se *Die dag is bros*.

Maar wat ’n heerlike ramp is dit nie!

Lycra en petticoats, oor ’n teatergeselskap se manewales op en agter die verhoog, geskryf en geregisseer deur Carla Smith, is verlede jaar as die algehele wenner van die US Drama Premièrefees aangewys. Dit is nie moeilik om te sien waarom nie: Dié produksie vir die binnekring en ander ingelyfdes is goed afgerond, energiek gespeel en propvol binnegrappe en vlymskerp waarnemings. Die *name dropping* alleen is genoeg om ’n mens onkeerbaar te laat giggel.

Smith se teks is vinnig, dig en – durf ’n mens dit so stel? – volwasse, met goeie begrip van wat werk op ’n verhoog. Haar karakters is volrond met iets van ’n komiese karikatuuragtigheid.

Sodat ’n mens verstaan wat onder die oppervlak aangaan, laat sy hulle toe om die vierde muur te breek, en dan rig sy die beligting só dat jy weet ’n betrokke monoloog is vir hierdie gehoor bedoel. Daar is dus veel dramatiese ironie in die spelers se interaksie met mekaar.

Die jong akteurs speel met vlakke van energie wat die instrukteur van ’n aggressiewe spinklas sal skaam maak. Hier en daar het dit gegrens aan ongebreideldheid, maar dié sal met tyd getemper word. As geselskap speel hulle goed saam, met dialoog wat naatloos van die een na die ander wip.

Dit is effens onregverdig om net twee vertolkings uit te lig, maar Myburgh en Taljaard moet genoem word. Taljaard was oortuigend as die kamp, prikkelbare en bitterbekkige Mercutio/priester. Myburgh het met haar veelvlakkige en genuanseerde lady Capulet beïndruk. Sy het gespeel met uitstekende tempo en ’n deurleefde rypheid ver anderkant haar ouderdom.

Die orgiastiese einde is ’n heerlik morsige oordaad, en jy kry die punt: Naas die geestelike is daar ook die beestelike. Smith het kennelik hope talent, en ’n mens sal haar loopbaan met belangstelling volg. **– Willem Bester**

Links is Annali Boshoff, en regs Jean du Plessis, Conradie van Heerden en Wian Taljaard.

Profiel

Carla Smith is ’n blink nuwe ster aan die kunsteruim. Op die jeugdige ouderdom van 22 het sy reeds ’n arm vol pryse onder die blad: Sy is ’n aktrise, skrywer en regisseur, sy kan dans en sing, sy is op die verhoog, in rolprente en op televisie. Maar, sê sy, sy moet nog baie groei. **Marchelle van Zyl** het met haar gesels oor mangobome en feestamaties. **Nardus Engelbrecht** het die foto’s geneem.

Ek gee my lewe vir kuns

“Ek hou nie daarvan om niks te doen nie,” sê Carla Smith. Die jong vrou met die deurdringende oë en groot glimlag bruis van energie. Haar jeugdige optimisme is aansteeklik.

“Ek kry dit 100% by my ma se familie. Hulle is Portugese, mense wat die heeltyd besig is.”

Sy vertel hoe haar ouma en oupa van Madeira af hierheen gekom het op soek na ’n beter lewe. Hulle het uit groot armoede ontsnap en hier ’n nuwe toekoms kom bou.

“Hulle is al in die sewentig en werk nog net so hard soos toe. Hulle het eers ’n viswinkel op Tulbagh gehad en het nou een op Ceres. Ek gaan nog hulle storie skryf. Ek moet!

“My ma is ’n go-getter en entrepreneur wat nooit stilsit nie. Ek hou ook nie daarvan om niks te doen nie. Ek sal eerder vir alles ja sê en driekwart van die goed verniet doen as wat ek niks het om te doen nie. Dít is vir my uitmergelend,” lag sy.

Sy skrik nie vir harde werk nie. Mense wat saam met haar werk, getuig almal van haar buitengewone werksetiek en goeie voorbereiding vir produksies.

Carla het laasjaar haar honneursgraad in dramatiese skryfkuns aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi nadat sy die vorige jaar haar dramagraad verwerf het. Sy het voltyds aan die TV-reeks *Tydelik terminaal* gewerk – dít terwyl sy haar honneursgraad voltooi het.

Vanjaar is sy by drie Woordfeesproduksies betrokke: Sy speel in Nico Scheepers se *Die engel by die dam*; sy is die skrywer en regisseur van *Lycra en petticoats* (hiervoor het sy ook die beligtingsontwerp behartig, en die produksie was laasjaar die algehele wenner van die US Drama Première-fees); en in *Wag, wat?* het sy sommer alles gedoen – skrywer, regisseur én akteur.

Terwyl hulle aan *Wag, wat?* gewerk het, het sy en haar medeakteur Wian Taljaard ’n inkeeroomblik gehad.

“Die stuk was vir ons in ’n mate terapie. Die hele produksie is geskoei op die herhaling van iets, of om in iets vasgevang te wees – being stuck. Dit is ’n bietjie hoe ons voel waar ons nou is. Ons het nou net klaar geswot en dis ons albei se vierde of vyfde fees, en daarom is ons besig om dít” – sy maak sirkelbewegings met haar hand – “te doen.”

“Ons gaan van fees tot fees tot fees en ons sit al klaar vas. Hoe ontsnap ons daaraan?

“Ons is honger vir geleenthede. Nee, nie geleentheid nie,” val sy haarself in die rede. “ ’n Mens moet ophou wag vir ’n geleentheid en dit self net dóen. ’n Mens is honger om te groei, ’n mens is honger om meer te doen, om te leer.

“Ek onthou my eerste professionele show wat ek gedoen het, was *Peter Pan* met De Klerk Oelofse. Daar was net so 12 mense in die gehoor. Toe sê ek vir hom niemand kyk hierdie show nie; ’n mens kan maar net doen wat jy wil. Toe sê hy vir my: ‘Néé, jy kan nie vir my sê kinderteater is nie ernstig nie.’

Toe sê hy dit is een van die héél belangrikste goed wat jy kán doen.

“Ek onthou daar was so ’n klein seuntjie en hy het só baie van die show gehou dat hy in ’n Captain Hook-uitrusting na al ons volgende shows gekom het – en dan gil en fight hy! Hy is aan Captain Hook se kant en hy gil op Peter Pan. Dit was vir my die ongeloofliksste ondervinding om te sien hoe belangrik teater is. Om te dink, waarheen gaan hy met daardie ervaring? Hy gaan dit die heeltyd wéér soek, en jy kry dit nie op ’n TV nie – daai magic wat voor jou gebeur, wat jy net in ’n teater kan vind.

“Kinders wil meer kyk. Dit is waar dit moet begin, by ’n kind.

ERKENNING

>> **2019 Fiësta-benoeming** vir beste opkomende kunstenaar (Bloed en bodem)

>> **2018 WoordTrofee** vir beste opkomende kunstenaar (N.R.N.N.S.A)

Dit is hoekom, met alle respek, al die wit tannies teater toe kom, want hulle het teater gekyk toe hulle Kruik en die ander streeksrade gehad het en mense by hulle skole kom optree het. Hulle is gewoond aan teater, dit was deel van hul opvoeding. Maar waar is die volgende geslag? Hulle moet ook kom teater kyk, én die generasie daarna. Wat doen ons daaraan?

“ ’n Goeie vriendin van my sê nou die dag vir my hierdie kunste waarby ons betrokke is, moet eintlik vir enigiemand verniet wees. Kuns moet bekombaar en toeganklik wees vir enigiemand. Die Woordfees-program is groot en ’n mens moet dit op ’n manier kan uitsprei oor ’n jaar. Daar is ’n teater op Stellenbosch: Hoekom is hy leeg? Hy moet elke week iets wys. Mense moet konstant toegang hê daartoe, anders gaan die studente net na ’n bar toe of kyk Netflix. Ek dink my doel vir volhoubaarheid is dat ’n mens op ’n manier iets kan doen sodat ons kuns binne mense se bereik plaas en ons dit oral om ons sien en nie kan vermy nie.

“My tweede ma en wysheidsgodin is Amelia van Zyl. Ek het eendag by haar gaan kla: Ek moet nou hierdie en daardie ding doen en ek hoop net om my huur te kan betaal. Toe vertel sy my die storie van die man wat die droom gehad het om eendag met mango’s te boer. Toe hy uiteindelik die geleentheid kry om te boer, toe plant hy tamaties. Sy kind kom toe by hom en sê: ‘Wat doen jy, Pappa? Ek dog jy wil met mango’s boer?’ ‘Ek plant tamaties én mango’s. Dit gaan sewe jaar vat om die eerste mago-oes te kry, maar in die tussentyd kan ek tamaties oes, tot my mangobome eendag begin dra.’

“Die les was dus: Jy moet iets hê wat jou aan die gang hou tot jy jou uiteindelike droom kan bereik.

“Wat is my tamaties? Dit is die feeste; dit is om te skryf. Ek het nou ’n laer- en hoërskoolproduksie wat ek moet skryf. Dit is my tamaties om ook onder kinders daai liefde vir teater te skep.

“Ek dink die feeste is geskep as ’n hulpmiddel vir kunstenaars sodat hulle hulle werk kan kom wys. Die feeste is dus gemaak om tamaties te wees, maar ons moet ook nog na ander plekke toe toer. Op die oomblik moet die tamaties die werk van die mango’s doen.

“Wat ons almal moet uitfigure, is wat ons mango’s is en hoe ons daarby gaan uitkom.

“Wat is dit waarin ek my tyd wil invest? Dit het my so bang gemaak by die Fiëstas, die Kannas, die Woordtrofees, wanneer hulle iemand vereer vir hulle lewensbydrae. Sjoe! Mense gee hulle lewe vir die kunste. Ek wil ook terugkyk en sê dís waarvoor ek my lewe gegee het, dís wat ek gedoen het, dís waarheen ek gegroei het.

“Wat doen kuns vir my? It takes us out of reality and shows us a new one. Dit laat ons besef ons léwe. Dít is my doel in die lewe. Ek weet nie hoe ek daar gaan kom nie, maar dís my mango’s.”

Wag, wat? Komedie. Hoërskool Lückhoff. Vandag om 20:30.



UIT DIE PERD SE BEK...

'n Gideonsbende was ses jaar gelede betrokke by die stigting van die Woordfees se amptelike koerant. Byna al dié redaksie-lede is steeds en weer hier. Só sê hulle:

• Die Woordfees is die tyd vir my siel om asem te haal en die ratte in my kop om weer geolie te word.

• Dit is die enigste moontlikheid om vol-lengte Afrikaanse resensies in druk te lees.

• INK laat die ink in my are lewendig vloei. Om te INK sit my op 'n high van regtig joernalis-wees.

• Wat 'n fees, wat 'n span, wat 'n koerant!

• INK was eers net 'n droom. Nou is dit die standaard.

• Die pyn, maar veral die plesier, van papier.

• INK is soos om kerk toe te gaan – want jy stap weg met lus vir die lewe.

• INK se sukses lê in passie – vir die kunste, koerante maak en kameraadskap.

• Ek is so donners trots om aan INK te werk dat ek elke jaar verlof vat daarvoor – dis die allerbeste leier, span en produk wat jy onder die son kan kry. Kuns en standaarde maak meer as ooit saak.

• Dit is die hoogtepunt van my jaar om by INK te werk. Vanuit 'n deelnemende joernalis se perspektief is dit alles waarvan 'n mens in 'n koerant kan droom – 'n streng dog ondersteunende redakteur met visie wat deur die eienaar vryheid gegun word; die allerbeste fotograaf, bladopmakers en teksversorgers wat hierdie land kan bied; min drama, baie pret, heerlike berigte, resensies en onderhoude met intelligente, liberale mense; 'n heerlike oopkop publiek; die puikste gesprekke; die kunste in die mooiste taal by ons geliefde universiteit; alles saamvloeiend in 'n beeldskone INK.

• INK is 'n leerskool. Ek sal weer en weer terugkom om nóg te leer en nóg te lag.

• INK is 'n noodsaaklike aorta wat die fees se hart laat klop. Dit is informatief, ver-maaklik en onontbeerlik. Dit maak my bly.

• As ons maar net die maak van hierdie voorblaaie en koerante kon gebottel het.

• Dankie aan die Woordfees wat die waarde van 'n gedrukte dokument besef en in gehaltejoernalistiek belê. Wat 'n voor-reg om deel te wees van so 'n inspirerende span met sterk leierskap. Hier vloei die kreatiwiteit en humor in strome af.

DIE HEEL NUWE COROLLA QUEST
ALLES EN MEER

VANAF SLEGS R249 900

TOYOTA
NEEM LEIDING

10032545JB/FCBJHB/A

AL DIE **WERKVERRIGTING**
MEER KRAGTIGE 1.8-LITER-ENJINS
DWARSDEUR DIE HELE REEKS.

AL DIE **WAARDE**
STYL, VEILIGHEID EN SPASIE
TEEN 'N BEKOSTIGBARE PRYS.

AL DIE **INNOVASIE**
REËN-SENSITIEWE RUITVEËRS,
SNELHEIDSBEHEER, AANSKAKEL KNOPPIE,
INTELLIGENTE TOEGANGSBEHEER.

MODEL VERTOON: Corolla Quest 1.8 Exclusive Handrat

BESPREEK VANDAG NOG 'N TOETSRIT BY WWW.TOYOTA.CO.ZA

Toyota SA @ToyotaSA

COROLLA QUEST

Toneel

Die sonkamer. Toneel. Adam Small-ouditorium. Vandag om 16:00 en môre om 14:30 en 17:00.

Soekend na son in ons laaste jare

Antoinette Kellermann en Thandiswa Mrali in Die sonkamer. Foto's: NARDUS ENGELBRECHT

Die beskrywing "eksperimentele verbatim teaterstuk" is waarskynlik présies wat jy moet sê om teatergangers wat nie so dapper is nie, liewer te laat aanbeweeg na iets meer konvensioneels.

Maar *Die sonkamer* se rolverdeling sluit 'n paar groot name in – onder andere Antoinette Kellermann, Lida Botha, Neels Coetzee en Susanne Beyers – wat gewoonlik die skares lok. Thandiswa Mrali en Adriaan Havenga is te sien in ondersteunende rolle as verpleërs en administrasiepersoneel.

Die regie is deur André Gerber, 'n dosent aan die plaaslike dramadepartement, en Anél Joubert. Gerber is ook die dramaturg, terwyl Joubert die choreografie behartig. Antoni Schonken, komponis van die indrukwekkende *Mi(SA)* wat verlede jaar by die Woordfees uitgevoer is, is verantwoordelik vir die musiek en Elana-Marié Snyman vir die ontwerp.

Tog is die woord "eksperimenteel" dalk ietwat misleidend, want dit suggereer dat so iets – in hierdie geval "verbatim teaterstuk" – nog nie voorheen suksesvol opgevoer is nie. Gereelde feesgangers sal egter onthou dat een van die mees suksesvolle Woordfeesproduksies tot nog toe, Saartjie Botha se *Balbesit*, ook 'n "verbatim teaterstuk" was. Botha het die verbatim kommentaar wat mans onderaan nuusblaaie en ander webblaaie gelaat het, byeengebring in 'n toneelstuk met 'n oorhoofse skema van rugbybewegings wat in 80 minute verskeie temas aangeraak het.

Gerber se tema is die ouderdom. Sy toneelstuk is in 14 tonele verdeel wat elkeen oor 'n ander aspek van die ouderdom handel. *Die sonkamer* bekyk ook die alledaagse kwessies wat bejaarde mense kwel en hulle besig hou. Die dialoog is saamgestel uit die verbatim kommentaar en -vertellings van inwoners van Huis Aristea in Durbanville.

Elke speler vertolk 'n aantal karakters – party is net kortstondig op die verhoog en ander 'n bietjie langer, sodat hulle ook meer van 'n indruk maak. Een van my gunstelinge was 'n egpaar, André (Coetzee) en Anna (Beyers): Anna dra ongetwyfeld die broek in die huis en die arme André kry skaars 'n woord in wanneer sy vrou in die omte is, maar dít alles geskied in liefde en toegeneentheid wat duidelik is vir almal om te sien. Veral Beyers het die hart gesteel in dié toneel, want sy het Anna algeheel oortuigend gespeel as iemand met 'n oop hart en 'n oop hand vir ander.

Demensie en alzheimers het natuurlik altyd 'n plek in 'n toneelstuk oor bejaardes en dit is waarskynlik waar die meeste van die gehoorlede 'n raakpunt sal vind.

Lida Botha lewer 'n ongelooflike vertolking in die rol van Marike le Roux, 'n vrou wie se man in die siekeboeg is. Sy is nie noodwendig 'n karakter by wie 'n mens sal aanklank vind nie – haar homofobie is byvoorbeeld aanstootlik – maar tog is sy 'n karakter wat almal sal ken en verstaan, al kom sy soms kil voor. Sy noem dat sy net twee keer per week by haar man gaan kuier aangesien hy nie meer rasioneel kan dink nie en 'n kuiertjie vir háár dus nie eintlik 'n doel dien nie.

Om die waarheid te sê het Botha van al die spelers die meeste beïndruk met haar veelsydigheid en die verskeidenheid persoonlikhede wat sy haarfyn opgesom en oorgedra het, veral in die toneel waar sy en Coetzee die egpaar Dawid en Ella le Roux speel. Hulle is in die siekeboeg, waar Dawid meestal woon. Wanneer die onderhoudvoerder hulle oor hulle kinders uitvra, is dit so tipies as sy die foon uithaal en op WhatsApp foto's van hulle kinders wys terwyl sy met haar man stry oor hoe 'n mens die naam van die app uitspreek.

Ander aspekte van oudword en oudwees kom ter sprake, onder meer eensaamheid, die eetsaalroetine in 'n ouetehuis (en bejaardes se beheptheid met wat hulle kan en nie kan eet nie), fisieke verval en siektes, die naderende dood, ensomeer.

Snyman se stelontwerp kon minder besig en meer funksioneel gewees het. Trouens, die gebruik van die draaiverhoog bly 'n raaisel, asook die oorwegend industriële voorkoms van die stel. 'n Mens wonder ook nou nog waarom die balk met die ligte so dramaties laat sak is naby die einde, byna soos die aanbreek van die apokalips. 'n Mens het nie die indruk gekry dat die stel en beligting noodwendig die teks gedien het nie. Dit beperk ook die vermoë van die stuk om te reis. Met 'n feesproduksie is dit tog sekerlik 'n oorweging.

Die sukses van *Die sonkamer* se konsep word gewaarborg deur die menslikheid van die onderwerp. Almal van ons sit daar in die donker en in bykans elke toneel is daar iets waarby ons aanklank vind, veral diegene met bejaarde ouers wat siek is of versorging nodig het. Voeg daarby die vaardigheid van die spelers en die karakters neem die gestalte aan van mense wat jy ken.

As die tegniese elemente effens vereenvoudig word en die teks dien eerder as oorheers, kan dit 'n trefferstuk wees. Al die nodige elemente is daar. Soos Kotie egter aan die einde sê: "Die son. Ek mis die son." **– Marina Griebenow**





Links is Neels Coetzee, in die middel Lida Botha, Susanne Beyers en Kellermann, met staande agter hulle Mrali en Adriaan Havenga, en regs is Botha en Coetzee.

Wat wil Hilde regtig hê?

Tinarie Van Wyk Loots is nie net uitlokkend in haar rol nie, maar ook broos en selfs bedees.

Bloudruk vir nog 'n beter lewe. Toneel. Hoërskool Cloetesville. Vandag om 20:30 en môre om 10:00 en 13:00.

Drie kunstenaars – Hilde (Tinarie van Wyk Loots), Otto (Ludwig Binge) en Leo (Carel Nel) – het eens as ménage in Genoa gewoon, maar nou is Hilde en Otto 'n item in Amsterdam, waar hulle finansieel deur Leo se broer Ernst (Albert Pretorius), 'n suksesvolle bankier, ondersteun word. Leo is pas terug ná 'n suksesvolle besoek aan Los Angeles, en Ernst en Otto vertrek om hom te gaan opsoek, min wetende dat hy reeds in die woonstel is omdat hy die vorige nag saam met Hilde deurgebring het.

Hoewel 'n mens almal goed leer ken, is Hilde die middelpunt. Met haar eie fotografieloopbaan oënskynlik op ys, kies sy telkens om haar lot te deel met welke man op daardie tydstip professioneel suksesvol is… maar dalk wil sy eintlik net gewoon wees. Al die muterende verhoudings laat die vraag: Wie en wat wil Hilde regtig hê?

Ilja Leonard Pfeijffer se *Bloudruk vir nog 'n beter lewe* is 'n moderne verwerking van Noël Coward se *Design for Living,* wat in 1933 in Broadway gepremière het, deels uit vrees dat Britse sensors die gewaagde inhoud sou afkeur. Pfeijffer se moderne inkarnasie, soos vertaal deur die regisseur Stefan Benadé, sny met siniese humor diep in die "befondsde selfbevrediging" van kunstenaars en torring aan clichés op die verhoog. Monoloë oor "prinsipes" is volop, maar dié het die dun skyn van situasiegebondenheid.

Narratiewe en teaterkonvensies word deurgaans ondermyn, veral by monde van Leo en Ernst se ma (Joanie Combrinck). In opperste metateater spreek sy die gehoor direk aan, lewer kommentaar op alles van die stel tot die inkleding en maak sy, redelik gewetenloos, korte mette van die ander karakters se lief en leed. Asof dit onderstreep moet word, wys sy selfs in dialoog die teatrale aspekte van tyd, plek en verloop uit. Sy bemiddel jou verdeelde ervaring van herkenning en vervreemding, iets wat verder deur Benade se Neerlandistiese Afrikaans aangehelp word.

1 Joanie Combrinck. 2 Ludwig Binge en Carel Nel 3 Albert Pretorius. 4 Hilde in 'n dramatiese oomblik 5 Hilde en Ernst... 6 ... en Hilde en Leo. Foto's: NARDUS ENGELBRECHT

Met so 'n rolverdeling kan 'n mens nie anders nie as om die geykte woord "kragtoer" te gebruik. (Pfeijffer sou hopelik trots wees.) Combrinck is sjarmant as die ma en jy bly hoop sy is eintlik 'n wyse vrou wat almal tot vervulling sal stuur. Binge is nommerpas as die inskiklike Otto: Hy speel tegelykertyd sensitief en met 'n een-van-die-manne-inslag soos jy sy karakter in die vloeibare verhoudings leer ken. Pretorius vertolk die stoere Ernst (ja, woordspeling in die naam) uitstekend en met ironiese gravitas – net nadat ek 'n nota gemaak het van een besonder indrukwekkende monoloog, het Combrinck se karakter presies dieselfde op die verhoog gedoen.

Met Nel se Leo het jy, ten spyte van sy aanvanklik onverkwiklike selfsug, die grootste simpatie, veral wanneer hy hartverskeurend begin huil nadat sy Hollywood-ekskursie 'n volslae mislukking is. Nel se gebalanseerde spel is van so 'n aard dat 'n mens nie vir 'n oomblik die egtheid van Leo se reis van enfant terrible na oorwonne kunstenaar betwyfel nie.

Hilde is 'n komplekse karakter wat (nog) nie vrede gemaak het met waarna sy strewe nie – sy is amper onskuldig in haar eerlikheid – "ek wil nie 'n verskil maak in die wêreld nie". Van Wyk Loots, in 'n Mireille Mathieu-haredos, is onverbeterlik. Haar vertolking is broos, maar terselfdertyd uitlokkend, eiewillig en selfs bedees. Dit is klassieke Van Wyk Loots: Sy is een met haar rol.

"Kop of munt?" vra die ma. "Wat van kop-of-munt – een konsep?" wil sy later weet. Dit is asof Pfeijffer sê die kunstenaarsiel kan dalk wel sy brood aan albei kante botter. Kunstenaar ofte nie, dit is bloudruk waarna hier gesoek word. **– Willem Bester**

Boeke | Toneel

As Kaaps begin afshow…

'n Vernacular Spectacular: Keeping up met Kaaps. Skrywersfees. Drostdy-teater. 11 Maart.
Die Afrikaans van die Kaapse Moslems. Diskoers. Adam Small-seminaarkamer. 12 Maart.

Eendag was daar gewees: 'n taaltsotsi, 'n vrou wat 'n boek geskryf het, 'n outjie met 'n van wat 'n uitgewer laat lag het, en 'n lang klong met 'n los tong. Toe sit hulle almal op die verhoog en die mense kyk hulle eers snaaks aan, want hulle praat Afrikaans, maar dit klink annerste. Dis soos wanneer jy dink jy ken die woorde van 'n song, maar ewe skielik as jy dit kliphard sing, hoor jy dis eintlik ander woorde.

Jy sing maar hartlik aan, want die melodie klink presies dieselfde, dit gooi net so 'n ekstra draai, soos iemand wat wil afshow.

Die een wat so afshow, is Kaaps, want sy is mos nou nie eintlik meer die onderrok wat so ongemaklik uithang nie. A nee a, sy is 'n gemaklike kaftan wat los hang en vleiend val en komplimente ontlok oor sy so kleurryk en ontvanklik is.

Dit is in elk geval die gevoel wat ek gekry het toe ek Woensdagmiddag so na Ricardo Arendse, Olivia M. Coetzee, André Trantraal en Jitsvinger sit en luister. Hulle sit elk op hulle eie manier die kaftan aanmekaar.

'n Aktivis vir die vernacular spectacular, noem die rymkletser Jitsvinger homself.

"Kaaps is my jazzkitaar. Maar ek skryf hom jêz, met die kappie of met die kuifie. Ek kom vannie Mitchells Plain af, daai's my Afrikaans. Maar iemand van Upington klink weer anderste. Ek sê mos altyd: Dít wat hulle daar praat, is soos die Spanish van Afrikaans; dis net so mooi.

"Elkeen praat, elke variant, en as dit bymekaar kom, is dit befok mooi!"

Op die Kaapse Vlakte gebeur daar verder die mooiste ander ding met Afrikaans, sê hy.

"Kom hoor hoe praat die Somalians en die Nigerians met huiswinkeltjies 'n nuwe soort Afrikaans. Kom hoor hoe die Ghanaian barbers Afrikaans deel van hulle taal maak."

Wie laaste lag…

Hy is 'n taaltsotsi, spot die digter Ricardo Arendse, want taalterroris was klaar gevat.

Dié boorling van Oudtshoorn het Kaapse Afrikaans opgetel wanneer hy by sy ma se mense in Grassy Park kom kuier het. "Ek skryf en dig in Afrikaans. Ons hoef nie te baklei vir die taal nie. Die beste ding wat met Kaaps kan gebeur, is om hom uit te los. Genoeg mense is lief vir die taal, en hy is harregat genoeg om vir homself te sorg."

Interessant genoeg wissel die "geslag" van die taal na gelang van wie dit praat – soms is dit 'n sy, soms 'n hy.

Die taal is ook vir hom soos musiek.

"Ek kan nie aan Kaaps dink sonder om aan ghoema-tromme te dink nie. Dis die soundtrack of our lives. Die trom het afgekom van Noord-Afrika af, deur die ou Transvaal en hier suid kom settle."

Olivia M. Coetzee het pas *Innie Shadows* publiseer, 'n misdaadroman wat volledig in Kaaps geskryf is, en daarby vertaal sy ook dele van die Bybel in Kaaps. Dit is 'n uitdaging om redakteurs sover te kry om nie te



veel aan die taal te krap nie, erken sy – meestal omdat daar nie 'n stylgids en woordelys betaan nie. Skrywers gebruik steeds verskillende spellings van dieselfde woord, gegrond op hulle eie uitspraak of konnotasie.

Vir André Trantraal, talentvolle broer van die skrywer Nathan Trantraal, is dit die dag toe hulle 'n manuskrip aan 'n uitgewer in Kaapstad gaan voorlê het, wat in sy kop vassteek.

"Die man vra wat is my van, en toe ek sê, toe begin hy in my gesig te lag… en hy lag seker vyf minute aaneen. Ek dink, jy weet nie wie ek is nie. Jy lag in my gesig, maar jy is 'n jong man wat moet besluit of my werk goed genoeg is of nie."

Wie die man was, wou hy nie sê nie, maar Trantraal het die laaste gelag. Hy is nou 'n skrywer wat in aanvraag is en het onder meer die boek *Spoekie* in Kaaps vertaal. Dit is oorspronklik vir swart tieners in Amerika geskryf en hy het wyd erkenning gekry daarvoor.

"Ek hou van die Kaaps wat faithful is aan die mense wat dit praat. Daar is niks performance aan nie; dit is net 'n reflection van hoe mense met mekaar praat."

Dankie, dr. Davids

Ook op die verhoog, op 'n ander dag, sit 'n vrou, kuis toegesteek met kopdoek en serp. Fatima Allie bid in Arabies, maar alles anders gebeur in Afrikaans.

Sy praat 'n Afrikaans wat baie nader is aan Standaardafrikaans, wat my baie laat dink aan hoe ons juffrouens en menere op skool geklink het. Amper formeel. Behalwe dat sy glad nie kwaai klink nie; net driftig oor Moslems se rol as die vroedvroue van Afrikaans.

"Elke keer as ek die boek *Die Afrikaans van die Kaapse Moslems* lees, raak ek bewoë, want ons het nie in sy tyd vir dr. Achmat Davids die erkenning gegee wat hy verdien nie."

Davids het die grootse werk *The Afrikaans of the Cape Muslim 1815 to 1915* geskryf, 'n boek wat prof. Hein Willemse onlangs vir 'n wyer gehoor verwerk het.

"As Achmat al sy kennis van Arabiese Afrikaans in sy kop gehad het en niks daarmee gemaak het nie, het ons nie vandag hier gesit nie."

Daarom, sê sy, sal haar wortels verweef bly met die taal. Geplant om te groei.

– Jo-Ann Floris

Die soeke na goed genoeg wees

Wit isse colour. Toneel. Adam Small-labratorium. Vandag om 10:30.

Aangedrade stories is wat die skrywer en digter Nathan Trantraal in sy boek *Wit issie 'n colour nie* op een plek kom neersit het.

Amper twee jaar later trek Trantraal vir die karakters wie se stories deur die boek loop, 'n bietjie van 'n nuwe baadjie aan as hy en sy skrywervrou, Ronelda Kamfer, vir Luncinda en Gershwin aan die woord sit in die verhoogproduksie *Wit isse colour*.

Bishop Lavis op die Kaapse Vlakte is 'n stowwerige, depressing plek. Plante en blomme groei moeilik in die sanderige grond, waar die sand só fyn is niks bly geanker nie.

Sy mense sukkel net so om te bly staan, altyd aan die wankel, want die grond onder hulle is los. Dis hoekom hulle so maklik val in die arms van die tik- en Mandrax-merchants, of in 'n slegte huwelik of sommer net in 'n slegte besluit.

Op die een vlak is die toneelstuk 'n storie van swaarkry op die Vlakte.

Of jy kan saam met die karakters lewe in 'n wêreld wat hulle kom kry het die dag toe hulle hulle oë oopmaak, maar toe is dit te laat om terug te draai, en toe moet hulle saam met die dice rol. Só ontvou 'n komplekse samelewing waar alles sin maak, en niks sin maak nie. Trantraal en Kamfer is albei diep geseënd met die gawe om daai wêreld oop te skryf, op 'n amper terloopse manier sodat die gehoor nie mooi besef waarvoor hulle hulle inlaat nie.

Donderdagaand het die gehoor aan die begin elke keer gegiggel as die karakters hulle pittighede kwytraak, maar dit het nie lank gevat voor dit begin insink het dit is 'n ernstige saak nie.

Ek dink nie Trantraal en Kamfer se bedoeling is dat mense swaar belaai moet uitstap nie; eerder dat hulle anders dink oor 'n stryd wat elke dag in die hart en gemoed van mense afspeel.

Jy hoef natuurlik nie die groot verantwoordelikheid op jou skouers te neem nie, maar dink 'n bietjie hoe maklik jy 'n volgende mens se kwaadgeit of net moedeloosheid sal verstaan as jy die moeite doen om in 'n paar ongemaklike skoene te klim.

Baie dinge gebeur in 'n councilhuis, al is dit piepklein. Dit druk nie net baie lywe in 'n beknopte ruimte nie, maar druk later ook mense se drome en wil om te lewe vas.

Dit help as 'n mens probeer verstaan dat mense wat ten spyte hiervan 'n tree in 'n ander wêreld gee, iets epies reggekry het, al is dit skaars 'n bliep op die heelal se skerm.

Dit bly 'n skreiende skande dat 'n mens in die jaar 2020 in Bishop Lavis, Mitchell's Plain, Nyanga, Khayelitsha, Tulbagh, Lambertsbaai kan stap – deurkruis maar die land – en steeds 'n gemeenskap vind waar net die politieke bestel en die jaartal verander het.

Iewers in die stofstrate en benoudheid van 'n stelsel wat nooit ontwerp is om mense waardigheid en selfrespek te gee nie, gaan 'n stryd om oorlewing voort wat nie altyd net gaan oor kos op die tafel en 'n werk nie.

Ronelda Kamfer Foto: VERSKAF

Meestal is dit die soeke na 'n identiteit van menswees en goed genoeg wees.

Hierdie stuk som dit perfek op. **– Jo-Ann Floris**

Coetzee trek ander uit die shadows

Innie Shadows: Krimi in Kaaps! Skrywersfees. Adam Small-seminaarkamer. 9 Maart.

Sy het altyd gewonder hoekom die donker boeke wat haar so bang maak, haar terselfdertyd aantrek, maar nou kan sy sien hoe mense maklik donker raak, gesels die skrywer Olivia M. Coetzee, uit wie se pen die misdaad-verhaal *Innie Shadows* verskyn het – 'n boek wat geheel in Kaaps geskryf is.

Dit is in die denkbeeldige Hoerikwaggo – of die Shadows, soos die inwoners dit noem – dat daar onder die oppervlak baie duiwels ronddans. Vir baie van die karakters is dit moeilik om daardie duiwels te onderdruk, dit maak nie saak hoeveel kerkliedere hulle sing of hoeveel hulle tik nie.

Ja, die Shadows is enige woonbuurt, sê Coetzee. Dit gaan nie oor kleur nie, maar die boek het homself in Kaaps geskryf.

Daarom is haar karakters nie net aan een mens ontleen nie. "Sommige is 'n oortjie van die een en 'n arm van die ander – dis 'n bietjie wat jy neem van die baie mense wat oor jou pad kom."

Dis dieselfde met plek. "Toe ek nou van die lughawe af kom, ry ons by een deel verby – so 'n bos en bome – en ek sien 'n toneel uit my boek. En ek dink: Dís waar ek die idee gekry het, ja, want ek het daar naby grootgeword."

Die idee vir die boek het begin by die gruwelike moord op David Olyn, 'n jong gay man op Ceres, en Coetzee het begin dink oor die omstandighede wat daartoe gelei het. So het die karakters een-een voor haar kom staan. Tog het sy *Innie Shadows* nie as 'n misdaadboek geskryf nie, maar eerder as 'n blootlegging van die kwessies wat deur gemeenskappe sny. En daai kwessies is nie altyd die ooglopende misdaad, dwelmmisbruik en armoede nie.

Sy krap diep onder rond, daar waar die ongemaklike goed sit – soos homofobie, gemeenskapsleiers met voete van klei, godsdiensleiers wat mislei en bedrieg eerder as lei, maar daar is ook 'n fyn hantering van die transgender hoofkarakter, wat sentraal staan tot al die karakters.

Die boek het begin as 'n tesis vir haar meestersgraad, en haar toesighouer het aanbeveel sy gebruik Afrikaans. Toe, die dilemma: Wat sy ken, is streekstaal, Kaapse Afrikaans.

"Afrikaans het baie laat na my kant toe gekom," sê dié boorling van Mariental in Namibië. Sy was in Engelse skole, en eers toe die gesin Kaap toe trek, het sy ander tongvalle begin hoor. Maar die skrywery kom al 'n lang pad met haar saam.

"Ek het altyd vir my ma poetry geskryf en gesien hoe dit haar raak. Eers het die trane gekom, dan die glimlagge. Dis ook hoekom ek sal aanhou skryf."

Sy is nou besig om onder aanmoediging van prof. Etienne van Heerden dele van die Bybel in Kaaps te vertaal.

"Toe hy vra ek moet dit doen, toe dink ek 'wat ga' aan met die outoppie?', maar ek is so bly ek het geluister."

Sy het sover 72 hoofstukke geskryf en kies dele wat met haar praat.

"Ek was so 13 jaar oud toe ek 'n born-again Christian raak. Later het ek meer oor geloof begin leer, en nou is ek op 'n geestelike pad. God was nog altyd langs my, in my." Dit verhinder haar nie om baie vrae te vra oor godsdiens en die rol van kerke nie, want sy is ook 'n aktivis – 'n mens kan nie net kerk toe gaan en bid nie, glo sy.

Ook in die volgende boek waaraan sy werk, kom die Bybel na vore: Dit speel af teen die agtergrond van 'n postapokaliptiese bestel.

Coetzee sê sy is bly sy het geluister toe haar binneste vir haar sê daar is meer aan haar lewe.

"Ons het mos gedink ná skool moet jy werk kry by Pick n Pay en daar vir jou opwerk. En ek hét dit ook gedoen, selfs tot by supervisor gevorder. Maar ek kon net nie meer klein dink nie."

Toe vlieg sy, en met 'n meestersgraad en 'n boek in die sak, kan sy nou meer sien, en meer doen... om ander uit die skadu's uit te trek. **– Jo-Ann Floris**



"Ek het altyd vir my ma poetry geskryf en gesien hoe dit haar raak.

Só leef en skryf 2 onder 1 dak

Ronelda Kamfer & Nathan Trantraal: Twee digters tesame. Upstage@Drostdy-teater. 12 Maart.





Hoe, wonder 'n mens, hou twee digters, veral twee uitdagende siele soos die woelgeeste Ronelda Kamfer en Nathan Trantraal, dit onder een dak uit met soveel uitdagende kreatiwiteit.

Prof. Louise Viljoen van die Universiteit van Stellenbosch, een van ons voorste literatore, het die twee die kuns afgevra voor 'n gehoor van sowat 80 belangstellendes. Trantraal is boonop 'n rubriekskrywer vir *Rapport* en soos sy broer André ook 'n grafiese kunstenaar – die kreatiewe sap vloei dus behoorlik in daai huis!

Volgens Kamfer skryf sy reeds sedert haar tienerjare, maar niemand in haar komvandaan was beïndruk daarmee of het in die standaard belang gestel nie. Toe ontmoet sy vir Antjie Krog, wat vir haar sê: "Maar jy moet skryf!" Dieselfde dag nog het sy begin skryf aan haar eerste bundel, *Noudat slapende honde*, wat in 2009 met die Eugène Maraisprys bekroon is.

Trantraal is 'n ander storie. Hy was glad nie pro-Afrikaans nie, maar toe kom hy 'n paar jaar gelede saam met Kamfer Woordfees toe, ontdek die skrywers kry 'n lekker uitspankamer en soms selfs gratis bier, en besluit toe om 'n bietjie in Afrikaans te probeer skryf. Of só het hy gister beweer – tot die hoorbare plesier van die Drostdy-gehoor...

Hulle was altyd bestem om mekaar te ontmoet, want oral waar sy gekom het, het Kamfer gehoor sy moet hierdie twee Trantraal-broers ontmoet. Trantraal se ma het weer vir Kamfer oor die radio gehoor en haar seun geroep om te kom luister, maar hy was min lus.

Toe hulle mekaar veel later uiteindelik ontmoet, het een ding tot 'n ander gelei en vandag is hulle getroud.

Trantraal sê Kamfer het 'n groot invloed gehad op sy besluit om tog in Afrikaans te skryf – sy het hom aangeraai om te skryf in die Kaapse Afrikaans wat hy praat.

Kamfer vertel sy het 'n spesifieke leser in gedagte wanneer sy skryf.

"My suster het geen belangstelling in lees of letterkunde nie en stel meer belang in die Kardashians. As ek dus my goed vir haar gee om te lees en sy sê dis goed, dan weet ek dit werk! Waar ek vandaan kom, is skryf disregarded, so dit is nogal shocking om in Stellenbosch te kom en dan is die mense impressed," sê sy. "By ons wil ma's net hê hulle dogters moet deur die skool kom sonder om pregnant te raak, en dan skool klaarmaak, 'n steady werk kry en survive. So, as ek my skryfwerk vir my familie gee en hulle sê nie 'Watse kak is dit dié?' nie, dan het dit die toets geslaag."

Hierby sluit Trantraal aan met 'n staaltjie oor hoe baie hy gehou het van die aanhaling "you are eating me alive". Toe hy dit egter op sy vriende toets, was die algemene reaksie "What the fuck?". Toe hou hy maar eerder op om dit op hulle uit te probeer. Sy benadering tot skryf is baie gefokus, beweer hy: "Ek skryf om klaar te kom, want ek wil tyd saam met my familie deurbring. Ek is painfully aware van my shortcomings."

Sy broer André bly sy belangrikste kritikus en sal reguit sê "Daai's goed, daai's shit, dié's shit, daai's goed", tot hy alles klaar gelees het.

Kamfer bevestig dit is nie vir haar moeilik om hulle huis as skryfruimte met haar man te deel nie, want sy het in elk geval nooit 'n skryfruimte van haar eie gehad toe sy jonger was nie.

"Ek sal sommer maklik vir Nathan sê: 'Skuif jou goed, ek wil nou hier werk'," vertel sy.

"Tog funny hoe daai altyd net van een kant kom," korswel hy met dieselfde ironie wat sy rubrieke kenmerk. **– Jan-Jan Joubert**

Woordfees-dagprogram

Beurtkrag gaan na verwagting voortduur. Met die uitsondering van twee lokale, is alle feesvenues toegerus met kragopwekkers. Vertonings sal dus voortgaan soos geskeduleer. Indien die veiligheid van feesgangers en kunstenaars deur beurtkrag en enige sekondêre gevolge van beurtkrag geraak word, sal die vertonings na alternatiewe venues verskuif word. Hou die Woordfees se sosialemedia-platforms en webwerf dop vir meer inligting.

SATERDAG 14 MAART 2020

TYD	PRODUKSIE	AFDELING	TYDSDUUR	VENUE	BESKIKBAARHEID
08:00	ATKV-musikantewerksessie	Woordfees-kursusse	480 min	Academia-saal	GRATIS
08:00	Dylan Lewis Ateljee- en Beeldhou-tuintoere	Leefstyl	120 min	Kochstraat Parkeer & Pendel	UITVERKOOP
08:00	WOW Debatfees	WOW	420 min	Lettere en Sosiale Wetenskappe-gebou & Opvoedkunde	BESKIKBAAR
08:30	WOW Toneelslypskool: Hoërskole	WOW	150 min	Laerskool Cloetesville	GRATIS
09:00	DAK Netwerk-gesprek: Waarheid en versoening oor Afrikaans – die gesprek duur voort	Diskoers	540 min	Adam Small Seminaarkamer	GRATIS (maar moet bespreek)
09:00	Jakkals & Wolf Onbeperk	Kinderfees	75 min	Adam Small Ouditorium	ENKELE SITPLEKKE
09:00	Maak 'n kunswerk van jou eie lewe	Leefstyl	120 min	US Botaniese Tuin	UITVERKOOP
09:00	Nagskofkliek	Toneel	75 min	HS Lückhoff	BESKIKBAAR
09:00	Nuwe besienswaardighede op kampus: begeleide toer	Leefstyl	90 min	AI Perold-gebou, Rooiplein	GRATIS
09:00	Slypskole vir skoolkore	WOW		Laerskool Weber Gedenksaal	GRATIS
09:00	Versfort: Digkuns	Skrywersfees	45 min	Tussen Boektent en ATKV-Boeke-Oase	GRATIS
09:30	Rolene Strauss: Vanuit die hart	Skrywersfees / Leefstyl	60 min	Boektent	BESKIKBAAR
09:30	Tweespoor	Toneel	120 min	HS Cloetesville	BESKIKBAAR
10:00	Crimplene Cuisine	Toneel	60 min	Drostdy Teater	BESKIKBAAR
10:00	Die dinge van 'n kind	Toneel	90 min	kykNET HS Stellenbosch	ENKELE SITPLEKKE
10:00	Die vermoeienis van vlerke	Toneel	90 min	Rhenish Girls' High School	BESKIKBAAR
10:00	Kortfilm-draaiboeke	Woordfees-kursusse	480 min	Lanzerac	BESKIKBAAR
10:00	Kroeskop	Fringe	50 min	Fringe-tent	BESKIKBAAR
10:00	Naturally Beautiful Hair Sessions	Leefstyl	180 min	Bibsaal	ENKELE SITPLEKKE
10:00	PLANT: Reclaim the Pantry	Landbou / Toneel/ Visuele Kuns		Rupert Museum	ENKELE SITPLEKKE
10:00	Playing with Fire	Klassieke Musiek	60 min	kykNET Fismer	BESKIKBAAR
10:00	RSG-Leefstyl@Woordfees met Johan Rademan	Leefstyl	180 min	Die Plataan	BESKIKBAAR
10:00	Suidooster-kombuis	Leefstyl		Die Khaya	Gekanselleer
10:30	Dying for Gold	Filmfees	99 min	Pulp Cinema Neelsie	BESKIKBAAR
10:30	Wit isse colour	Toneel	50 min	Adam Small Laboratorium	BESKIKBAAR
11:00	Schubert, Schumann en Sinatra	Klassieke Musiek	80 min	kykNET Endler	BESKIKBAAR
11:00	Stellenbosch wynproe-safari	Leefstyl		Stellenbosch Middedorp	BESKIKBAAR
11:00	Visit Stellenbosch: Die krag van Stellenbosch eenheid	Diskoers	50 min	Boektent	GRATIS
12:00	Beleef Springbokrugby	Leefstyl	180 min	Ultimate Rugby Experience@ Nooitgedacht	BESKIKBAAR
12:00	Jakkals & Wolf Onbeperk	Kinderfees	75 min	Adam Small Ouditorium	BESKIKBAAR
12:00	RSG: Naweekaktueel	Diskoers	60 min	Die Plataan	GRATIS
12:30	'n Toekoms verbeel	Skrywersfees	60 min	Boektent	BESKIKBAAR
12:30	Die dinge van 'n kind	Toneel	90 min	kykNET HS Stellenbosch	ENKELE SITPLEKKE
12:30	Nag van die Slang-uil	Toneel	60 min	HS Lückhoff	BESKIKBAAR
12:30	Tweespoor	Toneel	120 min	HS Cloetesville	BESKIKBAAR
13:00	Moffie @ Woordfees	Filmfees	99 min	Rhenish Girls' High School	BESKIKBAAR
13:00	Amazink Live: Light	Kontemporêre Musiek	60 min	Amazink	Gekanselleer
13:00	Bhai's Café	Filmfees	100 min	Pulp Cinema Neelsie	BESKIKBAAR
13:00	Die vermoeienis van vlerke	Toneel	90 min	Rhenish Girls' High School	Gekanselleer
13:00	Koos van der Merwe: Lente my	Kontemporêre Musiek	70 min	Weltevreden Restaurantteater	BESKIKBAAR
13:00	Landscapes for Guitar	Klassieke Musiek/ Dans	60 min	kykNET Fismer	BESKIKBAAR
13:00	My mense is die kluts kwyt (is groot)	Toneel	70 min	Drostdy Teater	ENKELE SITPLEKKE
13:00	Put	Fringe	40 min	Fringe-tent	BESKIKBAAR

Woordfees-dagprogram

TYD	PRODUKSIE	AFDELING	TYDSDUUR	VENUE	BESKIKBAARHEID
13:15	Voedsel met integriteit	Leefstyl / Landbou	90 min	Die Khaya	BESKIKBAAR
14:00	Medium Rare - Lirieke vir Jamie en Danny	Toneel	90 min	Adam Small Laboratorium	UITVERKOOP
14:00	Ruan Kemp: Gedeeltelik bewolk	Skrywersfees	60 min	Boektent	BESKIKBAAR
14:00	Versfort: Digkuns	Skrywersfees	45 min	Tussen Boektent en ATKV-Boeke-Oase	GRATIS
14:30	WOW Toneelslypskool: Laerskole	WOW	150 min	Laerskool Cloetesville	GRATIS
15:00	Brahms Requiem - Libertas-koor	Klassieke Musiek	90 min	kykNET Endler	ENKELE SITPLEKKE
15:00	Dylan Lewis Ateljee- en Beeldhou-tuintoere	Leefstyl	120 min	Kochstraat Parkeer & Pendel	UITVERKOOP
15:30	Ivor Price & Anoeschka von Meck: My plaas, my hart	Skrywersfees	60 min	Boektent	BESKIKBAAR
15:30	Skemer Tunes: Sunset Sweatshop	Kontemporêre Musiek	60 min	Toyota Jan Marais Natuurreservaat	BESKIKBAAR
15:30	Toorbos	Filmfees	112 min	Pulp Cinema Neelsie	BESKIKBAAR
16:00	ALTEmit A capella	Kontemporêre Musiek	60 min	Drostdy Teater	BESKIKBAAR
16:00	Die sonkamer	Toneel	70 min	Adam Small Ouditorium	UITVERKOOP
16:00	Die voordele van eierwit	Toneel	70 min	kykNET HS Stellenbosch	BESKIKBAAR
16:00	Goeienag, edele Prins	Toneel	60 min	kykNET Fismer	BESKIKBAAR
16:00	Hettie se Kersfees	Fringe	55 min	Fringe-tent	BESKIKBAAR
16:00	J.BOBS Live - Off the Record	Toneel	70 min	Rhenish Girls' High School	BESKIKBAAR
16:00	Loki Rothman	Kontemporêre Musiek	60 min	Visuele Kunste Vierkant	ENKELE SITPLEKKE
16:00	Nancy, Shiela & Gayle	Toneel	60 min	HS Lückhoff	BESKIKBAAR
17:00	Argitektoniese wandeling	Leefstyl		Erfurthuis	BESKIKBAAR
17:00	Digtersparadys: Verse wat groot mans laat huil	Skrywersfees	90 min	Boektent	BESKIKBAAR
17:00	Sunset Tunes: Bad Peter	Kontemporêre Musiek	60 min	Toyota Jan Marais Natuurreservaat	BESKIKBAAR
17:00	Whiskysprokies – Charlie en die Tjoklitfabriek	Leefstyl	75 min	Die Khaya	BESKIKBAAR
17:30	Luna Paige: 21 Jaar later	Kontemporêre Musiek	60 min	Visuele Kunste Vierkant	BESKIKBAAR
17:30	Op die hoek van die sesde straat	Toneel	65 min	HS Cloetesville	BESKIKBAAR
18:00	Fliek vir Bloemhof fonds	Leefstyl	120 min	Pulp Cinema Neelsie	BESKIKBAAR
18:00	Woordfees straatsoiree	Leefstyl	120 min	Ryneveldstraat	BESKIKBAAR
18:30	Lirieke maak saak	Kontemporêre Musiek	90 min	Drostdy Teater	BESKIKBAAR
18:30	Salome	Toneel	60 min	Adam Small Laboratorium	ENKELE SITPLEKKE
18:30	Skemer Tunes: Die Heuwels Fantasties	Kontemporêre Musiek	60 min	Toyota Jan Marais Natuurreservaat	BESKIKBAAR
19:00	Moord, op die 8ste gat	Fringe	45 min	Fringe-tent	BESKIKBAAR
19:00	TWEE	Kontemporêre Musiek		Weltevreden Restaurantteater	Gekanselleer
19:00	Vehicle: Soundings and Fathoms - vertoning	Kontemporêre Musiek		Landbousaal	UITVERKOOP
20:00	Amazink Live: Light	Kontemporêre Musiek	60 min	Amazink	BESKIKBAAR
20:00	Du Toitskloof en Armand kook (weer) kaal	Leefstyl	120 min	Die Khaya	BESKIKBAAR
20:00	Hemispheres	Klassieke Musiek	100 min	kykNET Endler	BESKIKBAAR
20:00	Kamphoer – Die verhaal van Susan Nell	Toneel	75 min	Adam Small Ouditorium	UITVERKOOP
20:00	Mark Banks & Melt Sieberhagen	Stand-up	70 min	Visuele Kunste Vierkant	BESKIKBAAR
20:30	Bloudruk vir 'n nog beter lewe	Toneel	90 min	HS Cloetesville	BESKIKBAAR
20:30	Cellist with Rabies	Toneel	60 min	Rhenish Girls' High School	BESKIKBAAR
20:30	Der Dichter Spricht	Klassieke Musiek	60 min	kykNET Fismer	BESKIKBAAR
20:30	Namakwa-daisy	Toneel	60 min	kykNET HS Stellenbosch	BESKIKBAAR
20:30	Radio Raps: Lang storie kort	Stand-up	70 min	Spier Amfiteater	ENKELE SITPLEKKE
20:30	Wag, wat?	Toneel	60 min	HS Lückhoff	BESKIKBAAR
21:00	Kraaifontein Katskou	Toneel	55 min	Drostdy Teater	BESKIKBAAR
21:30	Hani: The Legacy	Toneel	70 min	Adam Small Laboratorium	BESKIKBAAR
21:30	Schalk Joubert Band & Sima Mashazi @ Standard Bank Jazz	Kontemporêre Musiek	60 min	Visuele Kunste Vierkant	BESKIKBAAR
22:00	Kort onderhoude met aaklige hekse	Fringe	50 min	Fringe-tent	BESKIKBAAR
22:00	Naggesprekke: Oopgesprek	Diskoers	60 min	ATKV-Boeke-Oase	GRATIS

Musiek

My hart skiet vol heimwee

Heimwee. kykNET Endler. 13 Maart.

Hierdie lieflike konsert, saamgestel deur Niël Rademan, voer jou ver weg van J.R.L. van Bruggen se "rustelose lewe" en "die klinkende klank van geld" of op die oomblik die coronavirus en tuimelende aandeelbeurse.

Die *Heimwee*-program bestaan uit van die mooiste Afrikaanse kunsliedere en volksmusiek, gesing deur Rademan, 'n kabaretsanger en teatervervaardiger. Die begeleiding is verskaf deur Zorada Temmingh op die orrel, Lucas Heinen op klavier, die tjellis Anjulie de Vos, Linda de Villiers op die fluit en die Rhenish-meisieskoor onder leiding van Sonja van Amstel. Dit was veral verfrissend om die orrel as deel van die begeleiding te hê wat die veelsydigheid van hierdie instrument vertoon.

Die koning van instrumente het die program laat lostrek met die majestueuse en koninklike "Hooglandse katedraal". Die ryk baritonstem van Rademan, tesame met die koor van meer as 140 vroue, is met sy eie weergawe van "Elwekoning" sterk verwelkom deur die volgepakte Endlersaal.

Van die immergroen treffers was Koos du Plessis se "Kinders van die wind", Johannes Kerkorrel se "Hoe ek voel" en Anneli van Rooyen se "Ek mis jou so" . Christa Steyn se "Ken jy jouself" het groot aanklank gevind by die gehoor en het die hartsnare geroer.

'n Verwerking waar Anton Goosen se "Jantjie", "Ave Maria" en 'n Bach-tjellosonate op orrel, tjello en klavier uitgevoer is en die onderskeie instrumente tegelyk bespeel is, is baie interessant inmekaar geweef. Breyten Breytenbach se gedig "Mag die bome groen bly", met musiek deur die Pretoriase komponis Franco Prinsloo, asook "Moenie weggaan nie", Fanus Rautenbach se vertaling van Jacques Brel se "Ne me quitte pas", was ook pragtig.

Maar die hoogtepunt van die aand is die lied wat Mimi Coertse nooit oorsee wou sing nie, want sy het geweet dit sal trane bring: "Heimwee", die 1925-gedig van Van Bruggen wat getoonset is deur S. le Roux Marais, is kragtig uitgevoer deur Rademan en die koor.

Die koor was goed afgerond en het energie uitgestraal. Dit was ook verkwikkend om te sien dat 'n skoolkoor van 'n Engelstalige skool 'n volledige program van Afrikaanse liedjies uitvoer en aan 'n breër gehoor bekend stel.

Rademan se stem is uitgeknip vir die repertoire en hy en sy makkers kan gerus 'n paar opnames daarvan maak. Die vertoning laat dalk jou hart volskiet van heimee en vul dit met verlange na die ewige sonskyn, maar jy stap beslis met 'n ligter gemoed daaruit. **– Johan van Tiddens**



INK

REDAKSIE
Redakteur
Jacolette Kloppers
(jacoletteklopers@gmail.com)

Assistentredakteur
en hooffotograaf
Nardus Engelbrecht

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro

Teksredakteurs
Susan Booyens
Peter van Noord
Johan van Zyl

Skrywers
Willem Bester
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Jan-Jan Joubert
Herman Lategan
Wayne Muller
Marchelle van Zyl

Produksie-en-uitlegassistent
Janneke van Zyl

WOORDFEES-KANTOOR
Adres
Erfurthuis, Ryneveldstraat 37, Stellenbosch
Navrae
Bel die feeskantoor by 021 886 5036 of besoek www.woordfees.co.za
Aanlyn
Besoek die Woordfees se Facebook-blad by facebook.com/woordfees/

Adverteer in
INK
082 955 2655
marlises@sun.ac.za

DANKIE OP 'N PLANKIE
Met dank aan **Jan en Pippa Louw** en Humarga vir hulp, tegniese dienste, toerusting en infrastruktuur.
Ook baie dankie aan:
Die Laan 40
Caledon Villa
Coronata 20
Bidvest Catering Services

litnet

LEES LANDWYD SAAM
'n Elektroniese weergawe van INK is elke dag ná 13:00 beskikbaar op Litnet by www.litnet.co.za.

>> Die sjarmante Blanche Oberholzer van 107 Boutique Hotel kom bring die mosbolletjies en drie witwyne van Neethlingshof.

>> Nyaniso Sibali help 'n klant van Bartinney Wine and Champagne Bar. Onder is die ciabatta met die olyfolie en balsemiekasyn wat saam met hulle wyne voorgesit is.

<< Die trappe na die boonste verdieping van Wijnhuis Wine Bar & Grill voorspel net goeie dinge. Hier was die happies en wyn ewe voortreflik: bruschetta met gerookte salm en kappertjiesaad (by die 2018 Peter Falke Blanc de Noir), bruschetta met bokmelkkaas en ingemaakte groenvy (by die 2017 Elgin Vintners Sauvignon Blanc) en Bruschetta met lendeskyf en salsa verde. Foto's: PETER VAN NOORD

MIDDEL Jacques van Straten, mede-eienaar van die Beyerskloof-WynBar, bring die kos: 'n vleis-feta-en-spanspeksosatie, 'n spring roll en pinotage-salami.

Kuier-kuier so deur die Bos

Stellenbosch-wynproesafari. Leefstyl. Middedorp. 6-15 Maart tussen 11:00 en 20:30.

Wat 'n wonderlike meevaller wanneer INK se redakteur jou opdrag gee om op 'n wynproesafari deur die middedorp te gaan en jou selfopgelegde droë tydperk van drie maande 'n vroeë en vinnige dood sterf.

Só werk dit: Jy maak 'n draai by vyf wynkuierplekke op die dorp, almal stapafstand van mekaar, en proe by elkeen drie wyne. Maar wyn is mos gemaak om saam met kos te geniet, en daarom kry jy by elke plek ook 'n snoephappie wat by die wyne pas. Kos... wyn... geen bestuur nie... dís mos nou wen-wen!

Pleks van 'n gewone kaartjie kry jy 'n "paspoort" met 'n skeurkaartjie vir elke kuierplek, en op elkeen staan presies watter wyne jy gaan drink en wat jy daarmee saam gaan eet. Dus word dit 'n heerlik informele toer: Jy kan die plekke in enige volgorde besoek en boonop op jou eie tyd, mits dit tussen 11:00 en 20:30 is. Jy kan vertoef so lank as wat jy wil óf vinnig een proe doen voor jy vort moet wees na jou volgende show.

Ons het hulle egter een ná die ander kafgedraf, van onder in Dorpstraat by 107 Boutique Hotel tot bo by die Beyerskloof-WynBar in Ryneveldstraat. Oral word 'n mens hartlik ontvang en behoorlik ingelig, en die wyn en happies is werklik voortreflik, selfs al is dit hoe eenvoudig. Hier dink 'n mens aan die ciabatta met Bartinney se eie olyfolie en Rozenhof se eikehoutverouderde fynbos-balsemiekasyn wat saam met onder meer Bartinney se puik 2015 Cabernet Sauvignon voorgesit is.

Die enigste, wel, súúr druiwe was die stywelipmannetjie by Montegray & Independents wat om 13:25 bloot die skouers opgehaal en ons gelate meegedeel het dat hy nie die happie – edamameboontjies – kan voorsit nie omdat hulle " 'n buitekombuis gebruik". En by die volgende stop, Love Wine in Ryneveldstraat, was die deure gesluit! Ons het die hulplyn gebel, waar nog 'n cocky mannetjie ewe selfversekerd antwoord: "Maar dit kan nie wees nie; hulle ís oop."

Gelukkig was dit op die tweede dag van die fees en hopelik was dié groeipyne gou iets van die verlede.

Die ervaring was werklik insiggewend. Dié smulpaap is byvoorbeeld nie 'n chardonnaydrinker nie, maar saam met die mosbolletjie wat by 107 Boutique Hotel voorgesit is, het Neethlingshof se ongehoute 2019 Chardonnay selfs die uiters verfrissende Sauvignon Blanc van dieselfde oesjaar getroef. Dit is merkwaardig hoe kos 'n mens se smaakknoppies in 'n ander luim plaas. (Terloops, Suzaan Groenewald bak waarskynlik die beste mosbolletjies ter wêreld.)

Teen die einde van die toer, moet ek nou erken, was ek goed hoenderkop. Maar baie tevrede. En gelate.

Ag, wat, môre is nog 'n (droë) dag.

–Peter van Noord

Mmm.. mosbolletjie (warm) met botter!

Só lyk dooiemansdeur.

Skrywersfees

Jeanne-fees van feite en fiksie

Jeanne Goosen: 'n Lewe vol sinne. Skrywersfees. 12 Maart.

Die Boektent was eergister byna boordens toe vol ou vriende en oud-minnaresse; skrywers, uitgewers en akademici; joernaliste en resensente; aanbidders en boekbetotteldes, selfs Jeanne Goosen (nou 81) se versorger, Michele van der Westhuizen. Die een so nuuskierig soos die ander oor *'n Lewe vol sinne*, Petrovna Metelerkamp se langverwagte biografie oor Goosen wat ook 'n versameling briewe en vertellings van vriende insluit.

Die aktrise Sandra Prinsloo, 'n jare lange vriendin van Goosen, wat ook die regisseur was van etlike van haar toneelstukke, onder meer die veelbekroonde *Kombuisblues* ('n verwerking van haar grensverskuiwende feministiese novelle *Louoond*) en *Kopstukke*, het Metelerkamp, die skrywer én uitgewer van die boek, uitgevra.

Prinsloo het begin deur te sê dit voel vir haar of die eiesoortige Goosen en haar werk "eintlik deur 'n mens se vingers glip soos die giftige kwiksilwer wat jy op skool vasgehou het, al mag jy nie".

Tog het dit hulle nie gekeer nie om die skrywer, wat nog nooit 'n geheim gemaak het van haar liefde vir honde en haar haat vir mense nie, onder woorde te probeer bring. Goosen is onder meer beskryf as 'n rara avis, verleentheidskepper, moeilikheidmaker, groen terroris, voortreflike pianis, satirikus, engel-en-duiwel-in-een, triekspeler, randeier, sanger-danser-toneelspeler-konsertmeester, ewige student en 'n goed gemaskerde filosoof wat besonder kwesbaar en fyngevoelig is, veral vir kritiek.

Ook verskeie staaltjies is deur die loop van die uur gedeel: Hoe Goosen op 'n keer in 'n verkeersknoop op 'n Duitse snelweg uit die kar gespring en al agt statiese bane met 'n vertoning vermaak het; hoe sy nesgeskop het met 'n elektriese kombers wat Prinsloo vir haar geleen het en in die proses die kooi aan die brand gesteek het; hoe sy altyd lieg oor haar ouderdom; hoe 'n konserwatiewe ouderling wat erg onthuts was oor *Louoond* destyds erken het hy het die boek vir sy vrou gekoop omdat hy gedink het dis 'n kookboek; en hoe sy gedurig uitvalle met vriende gehad het, ook met Prinsloo, vir wie sy maande later 'n SMS gestuur en gesê het: "Ag, Sandra, jy weet mos ek is mal, so jy moet my vergewe."

Volgens Metelerkamp het sy en Goosen reeds in 2009 'n ooreenkoms op Struisbaai bereik dat Goosen haar outobiografie sou voltooi en Metelerkamp se uitgewery, Hemel & See Boeke, dit dan sou uitgee. Maar toe Metelerkamp teen die middel van 2018 besef Goosen sou ná 'n beroerte waarskynlik nie maklik weer skryf nie, het sy " 'n leeftyd van aantekeninge, oefeningboeke, dagboeke en los dokumente" by Goosen se meenthuis in Melkbosstand opgetel en die berge blaaie saam met Maureen Boshoff en Izel Lutz "uitgepak en georden en gesif". Dit was die vonk vir 'n halfdosyn nuwe Goosen-titels wat oor die volgende jaar of wat sal verskyn.

"Dit is eintlik 'n bedekte seën dat Jeanne nie die biografie self kon voltooi nie, want by haar is die lyn tussen fiksie en feite baie dun… sy het dikwels ware gebeure uit haar eie lewe in haar fiksie gebruik, maar baie ontsteld geword as mense dit dan as die werklikheid lees," het Metelerkamp gesê.

– Johan van Zyl

Hoekom lê dié stories dan onder die grond?

Inspirasie-aand: Living Coloured. Leefstyl. Kerksaal VGK Idasvallei. 12 Maart.

Ek is op pad Idasvallei toe vir 'n inspirasie-aand waar Yusuf Daniels oor sy boek *Living Coloured (Because Black & White Were Already Taken)* met die gemeenskap gaan gesels.

Omdat ek maar 'n javel uit die Kaap is, weet ek nie mooi waar alles is nie. Ek vra eers 'n paar mense hoe ver die plek uit die middedorp is. Die reaksies het my uit die veld geslaan. Ek is nie woke (wakker en politiek korrek) nie; ek is ook nie 'n virtue signaller (deugpronker: iemand wat met sy of haar deugde te koop loop) nie. Maar ek het nie verwag mense gaan my vra wat ek dáár gaan soek nie.

"Dit is mos 'n township!" sê die een vrou wat soos Mimi Coertse in die 1959-rolprent *Nooi van my hart* lyk. Ek wil vir haar noem ek was al in die nagtelike agterstrate van stede soos Lagos en Manila, asook plekke soos Seepunt, Langa en Crossroads, en hier staan ek nog.

Verder het ek armoede, detensiekasernes, 'n gyseldrama en 'n ernstige motorongeluk oorleef. In die jare tagtig is ek voor die parlement met 'n sambok geslaan. Ek vermoed Idasvallei gaan nie my laaste dag op aarde beteken nie.

Die reaksie van 'n ander vrou met 'n groot donkerbril, een wat al dekades op Stellenbosch, is: "Nee, o hel, ek was nog net een keer daar en dit was by my bediende se begrafnis."

Ek lees op die buurt se Facebook-blad: "From being an agricultural colony back in the 17th and 18th centuries it became a settlement. It has developed over a few centuries, and in particular Ida's Valley, into the first hometown of the so-called 'coloured' community of Stellenbosch."

Ping! Toe dink ek: Nee kyk, as jy iets van 'n plek soos daai wil weet, moet jy nié vir 'n wit mens vra nie. Ek klim by die Kruiskerk in 'n Uber en binne tien minute word ek buite 'n ander kerksaal afgelaai. Verstommend. Mense het dit laat klink asof dit so ver soos Terra Nova-baai in Antarktika is.

Eers stap ek 'n bietjie rond om die gees in te adem. Kinders speel eenkant op 'n sypaadjie, 'n tante vee haar stoep, ek ruik tamatiebredie, iewers speel iemand Neil Diamond se "Sweet Caroline": "Hands, touching hands / Reaching out, touching me, touching you."

Skielik verlang ek na my pa – dit was mos sy soort musiek daai. Ek hou van die plek en stap na die ingang van die kerksaal.

Dit is gepak. Yusuf, die skrywer, stap op die verhoog. Toe hy sy mond oopmaak, begin die mense skaterlag. Hy is snaaks, baie komies, maar nie op 'n geforseerde nar-agtige manier nie. Hy praat met 'n gemeenskap wat elke verwysing ken. Hulle sien hulleself en lag vir hulle eie alledaagse dinge.

Hy weet presies hoe om sy gehoor te laat ontspan en skerts oor alles – van hare tot akupunktuur, sy eie belewenisse in Lagos, hoe dit was om 'n koffiemoffie te wees (al is hy straight!). Selfs die arme eerwaarde en sy vrou (in die gehoor) word geterg.

Ek het al baie skrywers se praatjies bygewoon, maar hierdie is "next level", soos die outjie langs my sê terwyl hy vou van die lag. Yusuf praat met die gehoor oor sy kleintyd op die Kaapse Vlakte en oor die boek.

En dan raak hy ernstig.

"Mense vra hoe ek dit dan reggekry het om hierdie stories te skryf. Hoe? Deur oor die plekke op die Vlakte waar ek grootgeword het te skryf. Goed wat in my straat gebeur het. Langs ons. Op pad skool toe. Al daai dinge. En weet julle wat? Julle het almal julle eie stories om te vertel.

"Kyk na die wit mense: Hulle vertel hulle se stories, hulle vertel dit. Loop by Exclusives in. Hoeveel boeke deur coloureds sien julle daar? Hoeveel? Amper niks nie. En hoekom is daai? Want julle vat hulle graf toe. Julle gaan dood met daai stories. Julle se stories is daar onder die grond. En daai stories verdwyn. Weg. Forever. Gone. Nou vra ek julle vandag, gaan sit en skryf julle stories neer, soos ek gemaak het. Gaan sit, anders sit onse mense sonder 'n history.

"My planne is om 'n publishing company te begin en ek gaan stories soek. Ek gaan júlle stories soek. Hoor julle my? Moenie inferior voel nie, moenie. As ek dit kan doen, kan julle."

Ek kyk oor die see van koppe en dink: Ja wraggies, 'n hele wêreld se verhale lê hier. In hierdie strate. Op elke stoep, agter elke deur. Regdeur die kamers tot na die verlede en terug tot nou. Toe Yusuf klaar is, kry hy 'n luide applous.

Op pad uit sit daar 'n bejaarde vrou met 'n kopdoek en sê: "Moenie van die tee en koeksisters vergeet nie."

Sy vat my hand en gee dit 'n drukkie. **– Herman Lategan**

Waar's die Boere-gasvryheid?

Free State Heroes. Skywersfees. Boektent. 11 Maart.





'Dit was een van die interessantste boekbesprekings wat ek nóg bygewoon het, maar ek het die Skot 'n bietjie jammer gekry. Hy het nie regtig die stilmaak verdien nie.' – 'n gehoorlid, MARINA JOUBERT

Drie boeke, drie gaste, een oorlog, een provinsie.

Prof. Fransjohan Pretorius het met sy gaste gesprek gevoer oor hulle boeke. Die Vrystaat figureer in al drie en al drie handel spesifiek oor helde of karakters wat tydens die Anglo-Boereoorlog in dié provinsie was.

Maar dit was 'n problematiese gesprek, want daar was 'n subtiele antagonisme te bespeur teenoor die Skot Damian Barr, wat dit gewaag het om as buitestander oor 'n oorlog te skryf wat die Afrikaners as hulle eie opgeëis het en duidelik voel hulle besit die kopiereg op dié tydperk. Dat die man al die pad uit die buiteland gereis het om hier te kom praat, het nie juis saak gemaak nie. Met sy boek *You Will Be Safe Here* het hy spesifiek in Brittanje 'n bewustheid probeer skep oor hierdie tydperk in Suid-Afrika se geskiedenis. Dié oorlog vorm nie eintlik deel van die Britse kurrikulum nie en die meeste Britte weet nie eens wie Emily Hobhouse was nie.

Boonop was daar 'n subtiele verdagmakery omdat Barr in die eerste deel van sy boek geskryf het oor Sarah van der Watt, 'n vrou in 'n konsentrasiekamp wat dagboek gehou het. Natuurlik is dit nie uitgespel nie, maar die onderliggende aanklag was dat 'n man nie oor 'n vrou se lyding kan skryf nie, veral nie as jy nog Brits ook is nie. Stick to the World Wars.

Dat Barr enigsins moes verduidelik hoekom hy oor 'n Sarah skryf, gaan die verstand te bowe. Hoe eng en bekrompe.

Verder het Pretorius, 'n man met 'n gematigde persoonlikheid, hom kamma vermaan oor die name in sy boek. Die naam Sarah sou byvoorbeeld in Afrikaans Sara wees, het hy gesê. Dit was waarskynlik 'n poging tot humor, maar helaas, is dit dan só moeilik om fiksie en feite te skei?

Die tweede deel van die boek wat indirek aansluit by die gevolge van die konsentrasiekampe op die Afrikaner se psige, is meestal geïgnoreer, seker maar omdat dit hipermanlike Afrikaners in 'n swak lig stel en 'n queer tema het. Wie weet...

Geskiedenis is mos maar 'n man se storie, of hoe? Een uitgewer sê nogal vir my toe ek ná die praatjie uitstap hy het nie gedink hy sou mý daar sien nie. Die subteks is mowwe hou mos van inkopies, slap polse en lighartigheid. Dit kan mos nie wees dat hulle in die groot manne se hoesgoed belang stel nie.

Moving along swiftly... Chris Schoeman, 'n gerekende en boonop hoogs produktiewe skrywer, het gepraat oor kmdt. Hans Lötter waaroor hy in sy nuutste boek, *Rebel,* skryf. Dit is alles goed en wel, maar as jy nie die boek gelees het nie, was daar maar min konteks en agtergrondinligting. 'n Mens het soos 'n derde wiel aan 'n wa gevoel.

Elsabé Brits, skrywer van die deeglik nagevorste boek *Emily Hobhouse – Beloved Traitor,* het gepraat oor haar besoeke aan Londen en Toronto, Hobhouse se familie én hoe Hobhouse nie pro-Boer was nie. Sy het nie oor die mans van die oorlog omgegee nie; dit was die lyding van kinders en vroue wat haar gekwel het. Brits het dit ook betreur dat daar so min vroue in die geskiedenis is wat onthou word.

Dit as asof hulle eenvoudig deursigtig is. Daarom dink hierdie joernalis dat die Hobhouse-boek 'n waardevolle bydrae of oplossing tot hierdie probleem is. 'n Mens hoop Brits is besig met haar volgende projek.

Wat Barr betref: Wat het van goeie ou Boere-gasvryheid geword? Al het Pretorius vir hom teen die einde gesê "You will be safe here", was die koeël deur die kerk.

Kapoef! **– Herman Lategan**

Alba Bouwer – skrywer en 'instapma' duisend

Boekklub: Alba Bouwer 100 – Rivierplaas se ma. Boektent. 12 Maart.

"Wie is die medium vir die séance?" vra 'n vriend, ietwat verbaas oor ek so opgewonde is om hierdie huldiging by te woon van die geliefde skrywer Alba Bouwer, wat in 2010 al oorlede is.

Teen wil en dank sien die verspotte sinis in my brein hoe Marietta Theunissen vir Alba van die ander kant af oproep sodat ons haar kan leer ken, amper soos Gomez Addams se pogings om sy broer Fester te vind.

By die propvol Boektent wag 'n wonderlike verrassing. Ek is 'n onbeskaamde aanhanger van Bouwer en haar S*tories van Rivierplaas, Nuwe stories van Rivierplaas, Stories van Bergplaas, Abdoltjie, Stories van Ruyswyck* en, les bes, in 'n vergulde raam van dankbaarheid as leser, *Die afdraand van die dag is kil.* Dié boek en Elsa Joubert se onlangse *Spertyd* is sekerlik die twee kosbaarste Afrikaanse skryfsels oor die kwesbaarheid van oudword.

Duidelik dink nie net ek so nie – die opkoms na die huldiging van Alba, wat vanjaar 100 jaar oud sou word, is verblydend.

'n Baie spesiale aand volg. Alba Bouwer was twee keer getroud, albei kere met mans wat reeds kinders uit vorige huwelike by hulle in die huis gehad het. Twee van dié kinders, Jan Hofmeyr en Leon Coetzee, was saam met die onderhoudvoerder, Elna van der Merwe, en die joernalis Martie Meiring op die verhoog om meer insae te gee in die lewe en strewe van Alba Bouwer.

Lieftallige, geliefde ma

Jan het 'n beroep gedoen op Afrikaanse taalindoenas om 'n ander woord as "stiefma" te vind indien die tweede eggenote van die pa 'n lieftallige, geliefde ma word – 'n vriendin en vertroueling, gewer en behoeder. Hy stel die woord "instapma" voor wat by eerste beskouing sekerlik meriete het?

Alba Bouwer was kennelik só 'n instapma. Albei haar "instapseuns" het deernisvol vertel hoe helend sy vir hulle gebroke pa's was en hoe volkome sy haar instapkinders ter harte geneem het.

Leon het vertel hoe Alba vir sy sussie gesê het sy het 'n stuk fluweellap vir 'n rok vir "die dogtertjie by die huis" gekoop. Sy sussie het toe uit haar eie vir Alba gevra om in die toekoms eerder te praat van "my dogtertjie by die huis".

Hy het ook verduidelik hoe Alba se sagte woord en manier sy lewe soveel beter gerig het as die insette van sy hardvogtiger pa met wie hy dikwels koppe gestamp het.

'n Derde – en vir die gehoor skreeusnaakse – vertelling uit 'n onskuldige era was hoe Jan, haar tweede man, saans van Riversdal af Swellendam toe gery het om Alba van 'n tiekieboks af die hof te maak (dit is toe sy nog in Oranjezicht gewoon het). Sien, Riversdal het 'n handsentrale gehad, en as 'n man dieselfde Kaapse nommer so dikwels gebel het, sou die mense begin praat...

Twee wyshede van Alba wat op die verhoog gedeel is, sal my bybly: "Om met geld te kan werk beteken om te kan nee sê," en "al wat 'n goeie organiseerder hoef te wees, is 'n goeie opchecker".



Wat uit al hierdie vertellings gestraal het soos 'n helder ligsuil, is die goedheid, sagtheid en welmenendheid van Alba en hoe dit voortleef in die handelinge, herinneringe en praatstyl van diegene wat haar geken het. Bestekopname: Alba Bouwer 1, sinisme 0.

Geen séance was nodig nie. Ons het Alba Bouwer leer ken en haar ervaar – deur haar nalatenskap en deur die getuies van haar lewe. **– Jan-Jan Joubert**

Musiek

Voortreflike US-koor kort ’n bietjie vrygewigheid

Universiteitskoor Stellenbosch: Galakonsert. Klassieke musiek. Endlersaal. 12 Maart.

Die Universiteit van Stellenbosch se koor kom al ’n lang pad – van 1936 af, om presies te wees. Onder geeste soos Gawie Cillié, Philip McLachlan, Johan de Villiers en Acáma Fick het die koor oor 84 jaar groot hoogtes bereik en diep in die hart van Stellenbossers, Kapenaars en Suid-Afrikaners gekruip.

Maar meer nog: Hulle het die bewondering van selfs hulle grootste mededingers afgedwing. Vra maar dié alumnus van die Pretoriase Universiteitskoor, destyds nog onder leiding van die legendariese Petru Gräbe. By die jaarlikse Kuestafees, ’n saamtrek vir Suid-Afrikaanse universiteits- en kollegekore, kon ’n mens hulle net oopmond aanstaar. Hulle was tegnies verbysterend, maar daar was ook net iéts... selfs met stil, klein liedere soos Psalm 42 (“Soos ’n hert in dorre streke”) en John Dowland se “Come Again” het hulle die hartsnare geroer en dikwels ook die trane laat loop. Dan het die wedywering voortgegaan, maar nooit was iemand “Nommer 1” nie.

Eergister in die Endlersaal het die koor, wat die afgelope 17 jaar onder leiding van André van der Merwe staan, gewys hulle tel steeds onder die bestes.

Nee, nee, nee, hoor ek al die Stellenbossers en Kapenaars mopper: Hulle is dié beste. Ter wêreld. Dit het dan nou die dag in die koerant gestaan.

Hokaai ’n bietjie. Kompetisies en ranglyste is goed en wel. Nadat die koor in ’n vorige bedeling byna lepel in die dak gesteek het, het Van der Merwe met sy koor se prestasies seker gemaak hulle sal nie sommer gou weer onder beleg kom nie. Maar hier is die ding: ’n Koor is nié ’n steroïedgevulde sportmasjien wat met brute krag en tegniese vaardighede sy opponent(e) oorrompel en die puntebord in sy guns laat swaai nie. Koorsang gaan ook – of dalk bowenal – oor sake van die hart (met apologie aan dr. Murray Janson.) ’n Mens soek meelewing, opregtheid, vrygewigheid. Die ander probleem is dat die nr. 1-posisie op die Interkultur-wêreldranglys van 1 000 ’n mens se kop kan laat swel. Dit was effens steurend om te sien hoe ’n hele paar koorlede se oë dwaal om die gehoor se reaksie dop te hou wanneer hulle nou werklik uithaal en wys. Wanneer jy voor ’n dirigent staan, behoort jou oë aan hom of haar, klaar gepraat. Terloops, ek was werklik nuuskierig oor hoe Interkultur se ranglys werk, maar die webwerf laat ’n mens effens in die duister. Daar’s ou en nuwe puntestelsels wat met ’n “Faktor 10.2” aangepas word, en boonop is dit nie net ’n koor se optrede wat punte tel nie, maar ook hoeveel Interkultur-geleenthede reg oor die wêreld hulle bywoon (of nie).

Maar meer oor eergister se konsert: Op die program van net onder ’n uur was daar nie minder nie as vyf werke wat in opdrag van die koor gekomponeer is en die heel eerste keer, hier voor die blink pype van die Endler se lieflike Marcussen-orrel, opgevoer is. Hieronder tel die meesleurende “De Profundis” deur die Hongaar Levente Gyöngyösi en “Salve Regina” deur die jong Suid-Afrikaner Franco Prinsloo. Hier het die hoendervleis oor my hele lyf uitgeslaan. Die koor is tegnies werklik indrukwekkend: Invalle is vreesloos en sekuur, en elke stemgroep vorm ’n warm, homogene instrument. Veral die tenore is soos ’n blinkgepoetse silwer-erfstuk. Hier en daar het die sopraangroep effens dun geraak, maar hulle was altyd suiwer op die noot.

En, belangrik, al 115 sangers is soos marionette onder Van der Merwe se vingers: Die klank swel en trek terug, maak kronkels en draaitjies, tel spoed op en kalmeer tot rustige poele soos die magtige Oranje op pad see toe.

Maar tog, maar tog... Dit is die hartlikheid, die opregtheid en die vrygéwigheid van desjare se US-kore wat hierdie resensent gemis het. Eerstens: ’n Prys-etiket van tot R1 000 per kaartjie is gewoon verregaande, al is dit ook om hulle titel oorsee te gaan verdedig. Veral omdat die program net ’n flenterblaadjie was met slegs die name van die werke met die komponis of verwerker daarby. As hulle dalk twee konserte gehou het teen die helfte van die prys, sou daar nie so baie leë sitplekke gewees het nie, en sou die proteskore op sosiale media ook nie losgebars het nie. Soms moet ’n mens ’n bietjie harder werk. Van der Merwe het wel twéé keer die gehoor bedank vir hulle teenwoordigheid. (Hy was by tye ook pittig: Toe hy voor die Spiritual “Feel Like my Time Ain’t Long” die noot wou gee op die fluitjie, het die foon van iemand in die gehoor ’n geluid gemaak. “Dit klink soos ’n koei wat verlang,” het hy glimlaggend gesê, gewag tot die geluid verdwyn, omgedraai en voortgegaan.)

Ná die gewyde werke het ’n paar sekulêre nommers gevolg, waaronder “Angel” (Sarah McLachlan), “I Lived” (One Republic) en ’n huilmooi weergawe van “Die donker” (Christopher Torr), almal verwerkings van Van der Merwe self. ’n Mens wonder wel wat hierdie uitmuntende koor sou maak met klassieke koorwerke soos ’n Bach- of Monteverdi-motet. Of, ja, selfs ’n eenvoudige lied soos Psalm 42.

Dit was die einde van die konsert wat my laat besef het die voorbehoude hierbo is nie ongegrond nie: Toe die laaste noot van die “The Rainmaker” van Hans Zimmer (ook verwerk deur Van der Merwe) wegsterf, spring die gehoor op en juig hierdie sieraad in die kroon van die universiteit staande toe. Hulle klap en klap en klap... En terwyl hulle nog so en jil en gil en pleit vir nog, begin die koor afstap – net om nooit weer gesien te word nie.

A nee, a, één toegif, hoe eenvoudig ook al, sou nie doodmaak nie. Dít sou ware vrygewigheid wees. **– Peter van Noord**

Word deel van ons wêreldwye Alumni-Netwerk

Bou Bande
Bou kontakte deur die US se wêreldwye gemeenskap. Spoor klasgenote op en deel jou herinneringe, kyk wat hulle tot dusver gedoen het en bly in aanraking.

Ploeg Terug
Stel bekend, mentor, neem in diens en bied werkservaring aan studente in hulle finale jaar en mede-Maties.

Brei Uit
Vergroot jou professionele netwerk, ontmoet invloedryke mense en bevorder jou loopbaan.

Registreer in minder as twee minute deur jou bestaande LinkedIn- of Facebook-profiel of e-posrekening te gebruik.

www.matiesconnect.com

ALUMNI
UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918 · 2018

Alumni-betrekkinge verbind die verlede, hede en toekoms.

MATIES CONNECT

Skrywers kuier hónd uit 'n Bos

Skrywerslangtafel.
De Volkskombuis. 11 Maart.

Die lang skrywerstafel by De Volkskombuis was 'n jolige en informatiewe geleentheid wat baie goed afgeloop het. Loftus Marais en Kabous Meiring was gasheer en -vrou en het hulle goed van hulle taak gekwyt – hulle is intelligent en vermaaklik sónder om intimiderend oor te kom.

Die program het so verloop: Tussen die driegangete deur was daar drie sessies elk met vier skrywers wat vrae moes beantwoord. Onder hulle was Fatima Dike van die ou Space-teater, die Skot Damian Barr, Jolyn Phillips, die Nederlander Benno Barnard, Fred Khumalo, Bibi Slippers, die New Yorker Suketu Mehta, Olivia M. Coetzee en Marita van der Vyver. Daar was ander ook... maar wag, die kos word koud.

Vir voorgereg was daar op die spyskaart baie lekker focaccia, caprese-slaai en die ou gunsteling uit die jare toet, Griekse slaai. Daar was yskoue witwyne én rooiwyne teen kamertemperatuur.

Vir die hoofgereg kon jy kies tussen biefstuk of Meraai se hoender-pie of geelbek. Ek het laasgenoemde met aspersies geëet. Die vis was vars en ferm, en die aspersies 'n groot kado.

Nagereg was kaaskoek of 'n appeltert-affêre wat soos pure sonde gelyk het. Ek het maar daarvan weggebly, want 'n mens wil nie soos 'n oorgewig gans deur die strate van Stellenbosch waggel-waggel nie.

Ter opsomming van wat die skrywers gesê het: Dike het oor haar dae by The Space gepraat, toe sy saam met haar wit vriende by restaurante gaan uiteet het. Die eienaar sou die wit mense binnenooi en vir hulle 'n tafel aanbied, maar haar ignoreer. Khumalo het vertel waar hy grootgeword het,

Marita van der Vyver by die Skrywerslangtafel. Foto: NANETTE EVENHUIS

was daar nie 'n biblioteek nie. Hy kon darem die tydskrif *Staffrider* in die hande kry waarin Dike artikels geskryf het. Haar werk het hom geïnspireer, en ná al die jare was dit aan dié tafel dat hy haar die eerste keer ontmoet het. Khumalo is tog 'n interessante man, iemand wat 'n aura van warmhartigheid met hom saamdra.

Phillips het oor identiteit gepraat: "Identity," het sy gesê, "is a flawed concept." Sy het vertel sy maan haar studente teen populisme. Slippers het gesê sy is geïnteresseerd in die mitologisering van die sanger Taylor Swift en hoe sy dit moes leer bestuur. In 'n stadium het sy min beheer daaroor gehad, maar dit toe teruggeneem. Die sielkundige Lou-Marié Kruger, skrywer van die skitterende boek *Of Motherhood and Melancholia: Notebook of a Psycho-Ethnographer,* het gepraat oor die "slow violence of poverty".

'The West demands that immigrants can only go to the West legally. But the West never had to produce papers when it went to what it now calls the Third World.' – twiet van FRED KHUMALO

Barr, met sy Skotse aksent, het die gehoor in Afrikaans gegroet: "Goeie naand." Marais, wat Barr se boek in *Beeld* erg gekritiseer het, het met hom gesels. Dit was interessant om te sien hoe resensent en skrywer uiters hoflik met mekaar was, ondanks die kritiek. Só beskaafd Emsie Schoeman (née Botha) sou trots gewees het.

Haai, ons is seker maar almal broos en weerloos.

Daar was nog vele prikkelende gesprekke, maar meer oor die mense by die tafels: Die minsame Van der Vyver het langs my gesit en ons het gesels oor toe ons hier rondom 1985 by die Akademie vir Dramakuns ontmoet het. Ons was saam met Deon Lotz en die digter wyle Patrick Petersen studente van Babs Laker. Ek onthou Van der Vyver vir haar skerp brein, mooi stem, netjiese voorkoms en hartlikheid. En 'n goeie skeut rebelsheid, iets wat elke skrywer sekerlik moet hê. Niks het verander nie.

Terwyl ons daar sit, kom daar 'n klomp aanhangers aan wat met haar wil gesels. Sy bly vriendelik met almal, al erken sy later sy is moeg. Hoe sy so joviaal kan bly ten spyte van 'n moeilike dag weet ek nie – ek sou met my kop op die tafel aan die slaap geraak het.

Van der Vyver verduidelik dit verg 'n fyn balans om tyd in te ruim om te skryf en om by feeste oor jou boeke te kom praat. As daar iemand is wat dit regkry, is dit sy. 'n Uitgewer het my een slag vertel sy het vir Van der Vyver een oggend om 05:00 ge-Skype, toe sit sy al agter haar rekenaar.

"Dit is darem nie elke dag nie, hoor!" skerts sy toe ek haar daarvan vertel.

Sy sê sy het groot bewondering vir Deon Meyer, wat, terwyl hy nog 'n voltydse werk gehad het, smôrens om 04:00 opgestaan het om te skryf. Eers toe hy genoeg boeke begin verkoop, kon hy bedank en nét skryf. Dit wil gedoen word, hoor.

Sy sê dit is ironies dat sy in Frankryk woon en haar kinders daar grootgemaak het, en nou wil albei van hulle Suid-Afrika toe trek. Hulle is mal oor die land en sien hier is baie geleenthede, al sal nie almal daarmee saamstem nie.

Aan my ander kant was Phillips, iemand vir wie ek ook groot bewondering het. Sy gee nou klas by die Universiteit van Johannesburg. Haar kortverhaalbundel, *Tjieng Tjang Tjerries and Other Stories,* wat losweg handel oor haar kinderjare op Gansbaai, is 'n poëtiese, atmosferiese boek wat in 'n mineurtoon geskryf is. As jy dit nog nie gelees het nie, kry dit.

En oorkant my was 'n paartjie uit die noorde van die land. Sy het 40 geword en vir haar man gesê dit is haar droom om by dié skywerslangtafel te wees. En hier ís hulle nou. In 'n land waar sport en onluste gewilde tydverdrywe is, is dit wonderlik om sulke mense te ontmoet – mense wat tyd inruim om voedsel vir die gees te kry.

Tjorts... en gesondheid in die rondheid! **– Herman Lategan**

Musiek | Boeke

Tinta Barocca skitter in operagala-konsert

Baroque Opera Gala Concert. Klassieke musiek. kykNET Endler. 9 Maart.

Met die *Baroque Opera Gala Concert* het die Camerata Tinta Barocca onder leiding van Erik Dippenaar – en met die soprane Lynelle Kenned en Brittany Smith as gaskunstenaars – 'n progam van wêreldgehalte aangebied. Dít is nou hoe Barokmusiek moet klink: uitstaande stylgevoel, goeie dinamiese omvang en met fris tempi, maar sonder om te jaag.

Dankie tog die dae van die sogenaamde terrasdinamiek is verby. Reeds in die ouverture tot Handel se opera *Rinaldo* het die ensemble gewys waarom dié idee op die ashoop hoort: Anders as in latere musiek-eras was kontrapunt 'n hoofkenmerk van die Barok, en sonder elke party wat onafhanlik artikuleer, fraseer en aan dinamiek aandag gee, gaan die konstruksie as geheel verlore. In Kenned en Smith het Dippenaar ook sangers gevind wat weet dat slanker stemproduksie nie noodwendig 'n Engelse koorklank beteken nie. Nee, dié twee het die vokale soepelheid om bedrieglike lopies met gemak aan te pak, sonder om dramatiese gevoelswaarde in te boet. Die werke wat op die program was, is immers opera.

Die veelsydige Kenned sing beheers en suiwer, en haar "Lascia ch'io pianga" uit *Rinaldo* en "Tornami a vagheggiar" uit *Alcina*, albei deur Handel, was eenvoudig lieflik. Sy't beslis 'n goeie aanvoeling vir Barokversiering, maar behoort te waak teen scoop. Dit is vermoedelik net 'n aanwendsel, want sy het duidelik die stemomvang en stut wat die musiek pas.

Smith het 'n meer sielvolle inslag, maar steeds met die ratsheid wat 'n mens soek. Dit lyk of sy die vermoë het om tot 'n bedrewe vertolker van dramatiese repertoire te groei. Haar hoë register is suiwer, ja, maar dit is haar lae register wat goudwarm gloei, soos in "Piangerò, la sorte mia" uit Handel se *Giulio Cesare*. 'n Mens hoop net sy word nie deur die werksrealiteit in operarolle gedwing wat so 'n stemkwaliteit sal laat skade ly nie.

'n Mens het deurgaans die idee gekry dat Dippenaar, Tinta Barocca én die soliste geniet wat hulle doen. Dié groep en die uitnemendheid waarvoor hulle staan, is 'n pluimpie vir die talentvolle en bekwame Dippenaar. Bravo, welgedaan! **– Willem Bester**

Storm is op galop!

Irna van Zyl: Bloedsteen. Drostdy-teater. 11 Maart.

Irna van Zyl, Ingrid Jones, Anna Davel, Jaconell Mouton... Wat 'n plesier om vier formidabele vroue op die Drostdy-verhoog te kon beleef! Ons was daar vir die bekendstelling van Irna se derde misdaadroman, *Bloedsteen,* uitgegee deur Penguin Random House. Dit is nog 'n spannende en dié slag interkontinentale avontuur vir die minlike speuradjt. Storm van der Merwe.

Die vrae is gestel deur Ingrid, 'n sakevrou en TV-persoonlikheid, en later is die gehoor getrakteer op van Anna se liedjies, onder meer uit haar *Diamonds*-huldeblyk aan Shirley Bassey, begelei deur Jaconell.

In *Bloedsteen,* het Ingrid gesê, is Storm op 'n galop. Haar ma word in Londen voor 'n trein ingestamp, terwyl Storm besig is om 'n groot moordsaak op Hermanus te ondersoek. Die verhaal draai by die diamantbeurs in Antwerpen en die smokkelwêreld van Port Nolloth. Storm se lewe is in gevaar, en 'n kosbare, skaars rooi diamant is weg...

Verskeie mense het opgemerk hoeveel gemakliker haar skryfstyl in dié boek voel, en Irna het erken sy't baie hard gewerk. "Julle ken daai ding van 10 000 uur!"

Voor Anna heel gepas die 007-temalied "Diamonds Are Forever" gesing het, het sy vertel hoe haar pad jare gelede met Irna s'n gekruis het toe sy nog redakteur van die tydskrif *Insig* was. Tóé al het sy vertel van haar droom om eendag voltyds te skryf. "Baie mense droom," het Anna gesê. "Maar min van hulle neem regtig die pen op, gaan sit en dóén dit. En jy het."

Irna het afgesluit deur desjare se *De Kat*-advertensie met Nataniël aan te pas: "Koop net die bleddie boek!" **– Susan Booyens**

Nostalgie die beste geurmiddel

Saam met Errieda du Toit. Leefstyl. Die Khaya. 12 Maart.



Gemeenskapsboekies – en nou praat ons nie van wyle dr. Jan van Elfen se *Wat meisies wil weet nie* – is 'n "selfie" van 'n spesifieke gemeenskap op 'n spesifieke tyd wat die kos en kultuur weerspieël, maar ook die stand van die politiek, ekonomie en tegnologie van die era.

Só het Errieda du Toit, kosskrywer en *Kokkedoor*- en *Koekedoor*-inhoudsvervaardiger, Donderdagmiddag by 'n tongtintelende gesprek oor haar tiende kookboek, *Saam: 'n Eeu van Suid-Afrikaanse gemeenskapsresepte*, gesê. Langs haar op die rusbank was die ouduitgewer Daleen van der Merwe, 'n vriendin uit universiteitsdae, wat al nege Errieda se vorige boeke gepubliseer het en sowaar ook de laaste gereg vir *Saam* berei het sodat Errieda se man, Ian (een van net vier mans in die gehoor), dit vir die boek kon fotografeer. Danksy die oormag vroue en die wetters by Eskom het Die Khaya die eerste halfuur inderdaad behoorlik gestoom van die estrogeen…

Saam is saamgestel uit 150 nederige gemeenskapsresepteboekies met meer as 40 000 resepte waarmee Suid-Afrikaanse kerke, skole, verenigings en klubs die afgelope honderd jaar geld vir 'n goeie doel ingesamel het.

Dié fenomeen het ná die Amerikaanse burgeroorlog ontstaan en vinnig na Brittanje en die Statebondslande oorgewaai. In 'n tyd toe Amerikaanse vroue geen stem of mag gehad het nie, het hulle besluit om hulle "beskeie deel" te doen en "tuisgemaakte" resepteboekies verkoop om geld in te samel vir weduwees, weeskinders en beseerde soldate. Ook hier in Suid-Afrika het gemeenskapsresepteboekies behoorlik gedy: Vroue het dit deurgaans "vir die liefde van die saak" gedoen – die resepte is dekades lank selfs onder hulle man se naam geplaas: "Probeer gerus dié heerlike ystervarkies van mev. Johannes van Tonder van Prieska".

Volgens Errieda, 'n ywerige navorser met 'n liefde vir nostalgiese, tradisionele resepte en wat veg vir behoud van ou kulinêre tradisies, het dié boekies oor die jare aan vroue 'n stem gegee, die kos van 'n era geboekstaaf, gemeenskappe bemagtig en gehelp om ou gesins- en familiegunstelinge vir die nageslag te bewaar.

> "Ma, hoe kon jy my grootmaak sonder om ooit vir my iets so ongelooflik lekker soos blatjanghoender te maak?

"As ons deesdae vinnig 'n resep soek, Google ons dit. Niks daarmee fout nie; ek doen dit ook, maar vir my is internetresepte soos 'n one-night stand waarmee jy geen emosionele band het nie."

'n Ander ding wat Errieda 'n paar keer gedurende die navorsings- en boekmaakproses verbyster het, is wat sy noem "grilkos" en "anti-establishment-happies" – geregte wat óf 'n bisarre kombinasie van bestanddele bevat óf op bisarre wyse berei word. Voorbeelde is die grusame Amerikaanse "fantasy salads", wat jy maak van onder meer glanskersies, malvalekkers, seldery, wortel, mayonnaise, tamatiesous, kaas en selfs 'n pakkie tjips; of die drillerige stolslaaie van weleer met hope gelatien – 'n konsep wat blykbaar uitgedink is deur huishoudkundiges wat "slordige" slaaie wou tem.

Net voor die gehoor té olik kon voel oor die gruwelpraatjies, is ons verras met klein bakkies van die gemmerkoekiefrikkadelle wat in *Saam* verskyn. Die resep kom uit 'n resepteboekie van die NG kerk op Klawer waarin gemmerkoekies as geur-, bind- en verdikmiddel gebruik word. Dié lieflike frikkadelletjies is voorgesit met twee glasies van Du Toitskloof se wyn: chardonnay en shiraz. Ook te proe was noorsies, oftewel 'n soort vlakoekie wat jy met 'n vleismeul maak en wat lyk soos 'n miniatuurnoorsboom, kompleet met litte.

Errieda het erken die projek het haar van haar "erge kossnobisme" genees. Vantevore het sy neus in die lug mense veroordeel wat Aromat, Bisto en uiesoppoeier in hulle kos gebruik of wat gespog het met hulle chutneyhoenderresep, maar toe haar eie dogter die eerste keer die blatjanghoender proe, wou sy weet: Ma, hoe kon jy my grootmaak sonder om ooit vir my iets so ongelooflik lekker soos blatjanghoender te maak?

"Wat hierdie boek my geleer is, is dat nostalgie die beste geurmiddel is en dat kos en geure soos 'n tydmasjien kan werk wat jou in 'n oogwink wegvoer na plekke en mense en tye toe geluk geen grense gehad het nie." **– Johan van Zyl**

Onse Dana verf met ál die kleure

Dana Snyman: Soekmekaar. Boektent. 7 Maart.

Dis snikwarm en die Boektent bars uit sy nate, want Dana is daar en dan volg sy mense hom asof hy 'n tentprediker is. Dana erken self 'n paar keer in sy gesprek met die skrywer Johannes de Villiers dat dit 'n bietjie voel of hy preek – hier en daar sê hy selfs "amen" en "jirre, ek klink soos 'n predikant".

Soekmekaar het in September verlede jaar by Tafelberg verskyn en Dana besin oor sy wêreld – soos altyd menslik, roerend, hartseer én snaaks. Johannes meen hy vat mense na 'n plek waar hulle gerus voel. Maar hy skram nie weg van ongemaklikhede oor die verlede nie en wys die pad na 'n genadiger spasie tussen landgenote.

Dana draai nie doekies om nie: "Ons weet ons moet om verskoning vra oor ons verlede, want dit was 'n helse fout. Ons weet dit. Ons sal nie in ons leeftyd daarby verbyleef nie."

Hy maan teen die moontlikheid van kerkskeuring, veral omdat hy die impak daarvan destyds eerstehands beleef het toe sy pa, wat ook die Afrikaner Weerstandsbeweging se kapelaan was, weg is om hom by die Afrikaanse Protestantse Kerk aan te sluit – en op die ou end polisse moes verkoop. Sy kort en kragtige boodskap aan diegene wat die kerk oor die gays wil skeur? "Stront, man!"

Dana sê hyself het in die laat jare tagtig tot bekering gekom, maar by 'n Voëlvry-konsert, en sy predikant was Kerkorrel… Johannes Kerkorrel. Hy meen Afrikaanse musikante en skrywers het meer as die kerk gedoen vir verandering in mense se harte.

Sy vertelling van hoe sy AWB-pa ná sy ma se dood hulle huishulp Katrina in die township gaan ondersteun het toe sy siek geraak het met vigs – en skinderstories moes trotseer van "die dominee wat anderkant die draad kuier" – laat 'n mens weer besef hoe Dana nooit net met swart en wit verf in sy verhale nie, maar met ál die kleure.

Twee stellings bly my by toe ek wegstap ná die tentdiens: Ons het nie genoeg respek vir mekaar se weerloosheid nie. En vorentoe is nie agtertoe nie. **– Susan Booyens**

Breker met 'n kamera

Billy Monk – Shot in the Dark. Filmfees. Pulp Cinema Neelsie. Môre om 11:30.

'n Paar foto's uit Billy Monk se fotoalbum. In die middel onder is Monk self.

Die fotograaf Billy Monk was 'n enigmatiese figuur uit die Kaapse onderwêreld van die jare sestig. Hy was sterk gebou, 'n breker, aantreklik, biseksueel en 'n opstoker. Iemand het hom beskryf as 'n man wat lyk soos 'n bokser wat te veel in die gesig geslaan is.

As hy by 'n vertrek ingestap het, het jy hom dadelik opgemerk. Monk was 'n fotograaf wat die demi-monde van die Kaap met 'n sekere chiaroscuro – sterk kontraste tussen lig en donker – en hartseer vasgevang het. Sy foto's was kunswerke.

Hy was ook 'n verkeersman, diamantduiker, kroegman, meubelvervoerder, visserman en uitsmyter. 'n Drifter. 'n Tolbos. In sy tienerjare was hy 'n inbreker en in 'n stadium ook in die gevangenis. Sy seun, David, vermoed sy pa is in die tronk verkrag.

'n Man met 'n humeur, 'n sagte hart, gekneus, liefdevol, opvlieënd, depressief, gelukkig, 'n hele boksemdais van emosies. Daar was iets van 'n seuntjie in 'n groot man se lyf, 'n kind wat swaar- en seergekry het, wat kwaad was, maar self nie geweet waaroor nie.

Monk het nooit, ooit 'n agt-tot-vyf-werk gehad nie en sy lewe opgemaak soos dit ontvou het.

Sy blonde kuif was wild, sy blou oë het jou gehipnotiseer. Met sy groot hande kon hy jou seermaak én liefkoos. Die een wat hy die meeste seergemaak het, was homself. Straf gedrink, nagte deur gejol, deurmekaar geraak met skorriemorries.

Dit is die ou wat jy eenkant en peinsend sal sien sit langs 'n jukebox in die ou Locomotive-hotel in Soutrivier, terwyl Elvis sing: "Are you lonesome tonight / Do you miss me tonight? / Are you sorry we drifted apart?"

Hy het sy foto's geneem terwyl hy as uitsmyter gewerk het by een van die bekendste hole en nagklubs in Kaapstad, daar naby die ou dokke, die Catacombs.

Die teaterpersoonlikheid Nerina Ferreira was 'n gereelde besoeker en het op haar dag vertel sy praat sewe tale omdat sy dit geleer het by die matrose wat hier kom rinkink het. "We called it pillow talk darling!" het sy gesê.

Nou word 'n dokumentêre fliek by die Toyota US Woordfees vertoon met die bekroonde kunstenaar Craig Cameron-Mackintosh as regisseur. Dit is 'n uitstekende antropologiese blik op die hart van 'n tydperk naby die Kaapse dokke wat gesien móét word.

Kon weerloosheid vasvang

Die joernalis Lin Sampson lees 'n essay oor hom wat sy reeds in 1982 geskryf het. Die fotograaf Jac de Villiers praat oor sy fotografietegnieke en hoe hy 'n boks vol ou negatiewe gered het wat onontwikkelde foto's van Monk en sy mede-belhamels was.

Omdat Monk die mense by die nagklub so goed geken het, was hulle heeltemal ontspanne voor hom. Hy kon hulle weerloosheid vasvang, in een oomblik waar 'n nagblom dalk dronk vooroor aan die slaap geraak het op 'n stoel.

Dié klub het 'n mengelmoes van mense gelok: matrose uit Engeland, China, Japan en die Filippyne; bruin mense uit Distrik Ses wat in orkeste kom speel; wit vroue wat eensaam voel; velhonger mans wat lus voel vir vel-op-vel-aksie; prostitute, moffies en lesbiërs.

Brandewyn-en-Coke was die gewildste drankie, soms met 'n Valium of twee. Sommige mans het pakke gedra, ander matroosuniforms. Die vroue se hare was gewoonlik in die byekorfstyl óf sommer net soos 'n kraaines getease.

In dié dokkie sê die kunskritikus Ashraf Jamal: "Monk was able to capture the lives of people redeemed from apartheid's scrutiny, for in these hidden worlds no one cared about status, caste, sexual preference. One senses too that Monk's subjects knew and trusted him, for with him they could be themselves."

Mettertyd het Monk genoeg foto's versamel om 'n uitstalling te hou. Dit sou in Johannesburg plaasvind, maar hy het uitgehaak en weer verdwyn.

In die see begrawe

Die uitstalling was wel 'n sukses. Hy was nie daar nie. Twee weke later het hy weer sy opwagting in die Kaap gemaak en 'n geleentheid Johannesburg toe gesoek. Op die een of ander manier het hy iemand se meubels op 'n bakkie help trek. Die reën het geval en die matras het nat geword.

Die man aan wie die matras behoort het – 'n skollie – het hom geskiet. Eers in die skouer, en toe hy omdraai, ook in die rug. Ander sê hy is in die hart geskiet.

Iemand anders wat daar was, het vertel sy laaste woorde was: "Now you've gone and killed me." Toe sak hy inmekaar en sterf.

Hy sou nooit die sukses van sy eerste uitstalling beleef nie. Monk is in Houtbaai in die see ter ruste gelê.

Sampson skryf dit was 'n reënerige dag. Die soort dag wat gelyk het of dit moet keel skoonmaak.

Die water was rof, daar was seemeeue wat agter die boot aangevlieg het. 'n Vrou met onewe-redige rooi lipstiffie het teen die relings vasgehou. 'n Ander vrou het 'n wit jas gedra. Iemand het 'n roos in die water gegooi.

Daar was musikante, kunstenaars, die hoere van Langstraat, dwelmhandelaars, ontheemdes, alkoholiste, ou tronkvoëls, ou minnaresse, en nuwes.

Maar toe sy liggaam in die see val en verdwyn, was daar niks nie. **– Herman Lategan**



KWÊLA | BRAVO! | FIËSTA |

Sondae 18:00 | Sondae 19:30 | Maandae 20:30 |

kykNET

Kanaal 144

kykNET.tv